

# V&A Hulpbron Vir Opvoeders


## Skepping tot herskepping


Nicolene Filmalter
MTech: Natuurbewaring
Outeur: *'Skepping deur God, of evolusie… uit niks?'* en *'Skepping tot herskepping'*








### KONTAK BESONDERHEDE

**SUID-AFRIKA**

sales@creation-skepping.co.za of nicolene@creation-skepping.co.za

Creation by GOD: www.creation-skepping.co.za

+27 79 522-7735

Clash of Minds (voorheen Amazing Discoveries Africa) vir DVD & boek-bestellings: http://za.clashofminds.com of office@clashofminds.com of +27 81 284-4744

Whatsapp Groep: Skepping tot herskepping

Telegram Groep: Skepping tot herskepping: https://t.me/SkeppingDeurGOD

YouTube: Nicolene Filmalter: https://www.youtube.com/user/nfilmalter1/videos

**AUSTRALIË & OMLIGGEND + EUROPA (Slegs Engels)**


ralph@upwardlookbook.com

http://www.upwardlookbook.com

**VSA/KANADA (Sleg Engels)**

Amazing Discoveries Ministries International

Webpage: www.amazingdiscoveries.org



## INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD** 3

**DEEL 1** 4

**DIE SKEPPINGSWEEK** 4

1a Dag 1 tot 4 (Bl 1-17) 4

1b Die Oerknal & Dag 5 (Bl 18-26) 7

1c Dag 6a - Landdiere (Bl 27-34) 10

1d Dag 6b - Die mensdom (Bl 34-44) 13

1e Dag 7 - Die Sabbat (Bl 45-49) 17

**DEEL 2** 20

**VERWOESTING** 20

2a Die Sondeval (Bl 51-59) 20

2b Die gevolge van die Sondeval (Bl 60-67) 24

2c Die Ark (Bl 69-81) 27

2d Die Vloed - Moontlike toestande voor en tydens die Vloed 30

(Bl 83-91) 30

2e Die Vloed - Na die Vloed (Berge, valleie, Ystydperk, Mammoete, Gletsers) Bl 92-102 34

2f Na die Vloed (Oorlewing van mense en diere, Ras, Tale) 38

Bl 102-109 38

**DEEL 3** 41

**VERLOSSING** 41

# VOORWOORD

Nicolene Filmalter is die eienaar van '*Creation by God*' wat daartoe verbind is om ongekompromeerde waarheid en wetenskaplike inligting te voorsien ter ondersteuning van die Bybelse jong Skepping deur die Skepper God. Haar materiaal is in Engels en Afrikaans beskikbaar.

Hierdie dokument is gebaseer op die boek en DVD-Reeks genaamd: *Skepping tot herskepping* en is saamgestel om as hulpmiddel en riglyn te dien vir alle opvoeders, insluitend ouers, Tuis-afrigters, Sabbatskool-onderwysers, Sondagskool-onderwysers, ens.

Boeke kan bestel word by sales@creation-skepping.co.za

Dvd's kan bestel word by Clash of Minds (voorheen Amazing Discoveries Africa) en is ook gratis aanlyn beskikbaar op https://www.youtube.com/user/nfilmalter1/videos

Die dokument word gratis beskikbaar gestel en moet gratis versprei word. Die dokument is beskikbaar onder '*Downloads*' op my webblad: www.creation-skepping.co.za

Vir mense wat graag donasies wil maak tot hierdie bediening, by voorbaat baie dankie. Kliek asb op '*Donations*' op my webblad vir verdere besonderhede.

Seenwense in Christus,
**Nicolene**

SPREUKE 1:7
Kennis begin met die dien van die HERE.

JOHANNES 17:17
Heilig hulle in U waarheid; U woord is waarheid.

# DEEL 1

# DIE SKEPPINGSWEEK

## 1a Dag 1 tot 4 (Bl 1-17)

- **As God alles gemaak het, wie het dan vir God gemaak?**

Alles wat 'n begin het, moes deur iemand gemaak gewees het. M.a.w, dit benodig 'n oorsaak. Die skepping het 'n begin. Maar God het geen begin en geen einde nie omdat Hy die ewige God is; Dit beteken Hy bestaan van ewigheid tot ewigheid en dit is hoekom niemand vir God kon gemaak het nie.

- **Watter vier belangrike dinge het GOD op Dag 1 gemaak?**

Tyd, ruimte, materie en energie

- **Hoe lank voor Christus op die aarde was, het die skepping ongeveer plaasgevind?**

Ongeveer 4,000 jaar voor Christus

- **Hoeveel jare het al verloop vandat Christus op aarde was?**

In 2022 is dit 2,022 jare. In 2023 is dit 2,023 jare en so aan…

- **So hoe lank gelede (ongeveer) het God alles geskape?**

Ongeveer 6,000 jare gelede

- **Hoe het GOD alles gemaak?**

In Psalm 33:9 staan geskryf: '*Want Hy het gespreek en dit was, Hy het gebied, en dit staan vas.*' God hoef net te praat, en dit wat Hy gesê het moet gebeur, gebeur presies net so.

- **Dink jy daar bestaan 'n mens of 'n rekenaar wat iets uit niks kan maak?**

Beslis nie

- **Dink julle dat planeet aarde op Dag 1 gelyk het soos wat dit vandag lyk? Hoekom?**

Waarskynlik nie, want die Bybel beskryf die aanvanklike aarde as 'n enorme, vormlose, onbewoonbare massa' (m.a.w. 'n vormlose, waterige klomp) binne-in die 'diep waters'. Niemand weet presies hoe dit gelyk het nie, behalwe God

- **Wat is gravitasie?**

Dit is die krag wat ons en alles om ons stewig op die aarde hou

- **Wat sou gebeur as daar nie gravitasie was nie?**

Ons en alles om ons sou net doelloos rondgesweef het

- **Wat was die diep waters?**

Dit was waarskynlik 'n enorme hemelse watersfeer ('n bal water) met die aanvanklike aarde binne-in hierdie diep waters

- **Watter lig het God op Dag 1 geskep? Was dit die son?**

Nee, die son is eers op Dag 4 geskape. Die Bybel verduidelik vir ons dat God die bron van alle lig is, wat beteken dat alle lig van Hom-af kom

- **Hoe lank neem dit vir die aarde om een maal in die rondte te draai (te roteer)?**

Een hele nag en een hele dag = 24 ure

- **Wanneer begin die nuwe dag volgens die Bybel?**

Sodra die son gesak het, begin die nuwe dag

- **In Genesis 1:2 staan geskryf: '*en duisternis was op die wêreldvloed*'. Wat was daardie duisternis?**

Dit was die aand-gedeelte van Dag 1 omdat die dag met 'n aand begin

- **Wat het God op Dag 2 geskape?**

'n Uitspansel

- **Wat is dit?**

God het dit 'hemel' genoem. Dit is die blou lug - die atmosfeer - wat ons om ons kan sien asook die buitenste ruim om die aarde waar die sterre is.

- **Die Bybel beskryf drie hemele, wat is dit?**

Die eerste hemel is die atmosfeer (blou lug) waar voëls vlieg (Génesis 1:20).
Die tweede hemel is die buitenste ruimte waar die planete en sterre is (Psalm 8)
Die derde hemel is waar GOD is (Psalm 11:4 & 2 Korinthiërs 12:2)

- **Hoekom het ons 'n atmosfeer nodig?**

Die atmosfeer bevat al die belangrike gasse wat ons en alle ander lewende organismes nodig het om te kan lewe ($O_2$, $Co_2$, N)

- **Wat het God op Dag 3 geskape?**

Die soliede sferiese planeet aarde is waarskynlik vroeg op Dag 3 vanuit die waters wat onder die uitspansel was, gevorm; daarom het God op Dag 3 die droeë grond (landmassa) en plantegroei geskape. Hierdie landmassa het waarskynlik vanuit die watermassa afgeskei (soos wat sedimente vanuit water afskei), waarna dit neergelê en opgedruk is.

- **Was die plante volgroeid/volwasse of was dit net saadjies?**

Dit was volwasse plante omdat elkeen reeds sy spesifieke saad binne-in hom gehad het sodat elke soort meer van sy eie soort sou kon voortbring. Dit is presies hoe dit vandag steeds werk.

- **Wat het God op Dag 4 geskape?**

Die son, maan en sterre

- **Waaruit het God moontlik die hemelliggame gemaak?**

Moontlik vanuit die *'waters bo die uitspansel'*

- **Wat van al die ander planete en meteore, wanneer is hulle gemaak?**

Die Hebreeuse woord vir sterre is baie breër as die moderne woord en sluit meteore (wat verskietende sterre is) in, asook planete wat voorheen '*wandering stars*' genoem is.

- **Weet God hoeveel sterre daar is?**

Ja, Hy weet presies, maar weet ons? Nee! Psalm 147:4 *'HY bepaal die getal van die sterre;'*

- **Het God vir al die sterre name gegee?**

Ja (Ken jy hulle?) Psalm 147:4 *'HY gee hulle almal name'*

- **Wat leer ons hieruit?**

Dat God Alwetend is. Hy weet absoluut alles - selfs hoeveel haartjies daar op jou kop is!

- **Hoekom het God die hemel en die hemelligame (son, maan, sterre) geskape?**

Om vir ons lig op die aarde te gee (die son in die dag, en die maan en sterre in die nag). Hy het hulle ook vir ons gegee as tekens om die dae, maande en jare af te meet. God het ook vir ons die vermoë gegee om die pragtige hemelruim te aanskou en te waardeer om sodoende eer en heerlikheid aan God, ons Skepper te bring. In Psalm 19:2 staan daar geskryf: "*Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande…*" Lees sommer daardie hele pragtige Psalm.

- **Is ons planeet in 'n spesiale en unieke posisie gelee?**

Ja… (Hoekom sê jy so?) Afstand vanaf son, Aard-rotasie is presies teen die regte spoed, Spesiale posisie van Jupiter om aarde teen komete en meteoriete te beskerm.

- **Wat sou gebeur as die aarde net 5% verder van die son af geleë was?**

Al die water op aarde sou gevries het.

- **Wat sou gebeur as die aarde net 5% nader aan die son geleë was?**

Al die water sou gekook, verdamp en verdwyn het.

- **Hoe vorm getye?**

Deur die gravitasie-aantrekkingskrag van die maan en die son op die aarde.

- **Wat doen getye?**

Dit help om die die seewater en strande skoon te hou. Dit roer die water in die see en dit help nou weer om suurstof in die water te plaas sodat die lewende wesens in die see kan asemhaal; anders het dit net in 'n stinkende gemors verander, sonder enige suurstof, wat al die organismes in die see sou laat doodgaan.

- **Ekstra vraag vir nadenke. WIE is die Skepper?**

Jesus. Lees Joh 1 en veral vers 14 wat baie duidelik vir Jesus Christus as die Skepper identifiseer. (Baie mense glo dat dit God die Vader was).

## **1b Die Oerknal & Dag 5** (Bl 18-26)

- **Wat is 'n ateïs en hoe glo hulle het alles ontstaan?**

Dit is iemand wat nie glo dat God bestaan nie. Hulle glo dat alles uit vanself vanuit 'n oerknal ontstaan het.

- **'n Kort samevatting van die oerknal en 'n paar vrae om oor te dink**

Niks het vanself en spontaan ontplof om alles wat vandag bestaan, te vorm. Niks - iets - alles.

- ❖ Niemand was daar nie, hoe weet hulle of dit regtig gebeur het?
- ❖ Hoe kan alles wat vandag bestaan saamgepers gewees het in 'n enkele klein puntjie?
- ❖ Wat het veroorsaak dat hierdie klein puntjie ontplof, m.a.w., waar het die energie vir so 'n ontploffing om te kan plaasvind, vandaan gekom?
- ❖ Hoe kan 'n onploffing daartoe lei dat alles daarna perfek georganiseer is?
- ❖ Hoe kon die Aarde vanself en spontaan in só 'n spesiale posisie beland het met presies die regte toestande vir mense, plante, diere, ensovoorts om te kan lewe, soos ons in die vorige episode geleer het?

- **Wat beteken *'ex nihilo'***

Dit beteken 'uit niks'. God het alles uit niks geskape.

- **Is dit moontlik dat die heelal (alles) dalk vanself ontstaan het?**

Nee, die heelal kon nie vanself ontstaan het nie, omdat die heelal nie van altyd af bestaan nie. Slegs God bestaan van altyd af, maar die heelal het 'n begin gehad. En soos ons in die vorige episode geleer het, alles wat 'n begin het, moes deur iemand gemaak gewees het. Dit moes 'n oorsaak gehad het. As dit nie so was nie, sou die son, maan en al die ander sterre reeds lankal al hulle energie opgebruik en verdwyn het. Dit is hoekom ons weet dat tyd, ruimte, materie en energie nie hulself kon gemaak het nie, want iets wat nie voorheen bestaan het nie, kan nie enigiets maak nie.

- **Maak 'n oerknal-onploffing enige sin?**

Nee. Die idee van 'oerknal-ontploffing' om te probeer verduidelik hoe alles vanself ontstaan en vanself georganiseer geraak het, maak net nie sin nie. Waar het die energie vir so 'n ontploffing vandaan gekom en hoe kan 'n ontploffing in elk geval veroorsaak dat alles daarna perfek georganiseer is? 'n Ontploffing veroorsaak net algehele chaos.

- **Dink jy God het 'n oerknal of evolusie nodig gehad om alles te kon skep?**

Nee, want God is almagtig. Hy het nie 'n ontploffing of evolusie nodig om te skep nie. Hy hoef net te spreek, en dit gebeur en dit is presies wat Hy vir ons in die Bybel sê, gebeur het. Dit vereis BAIE geloof om te kan glo dat alles vanself en spontaan vanuit niks ontstaan het, sonder God.

- **Hoe weet ons dat die Bybelse skeppingsgebeure waar is?**

Slegs God was daar in die begin, en slegs God het vir ons 'n betroubare rekord - die Bybel gegee waarin Hy die volgorde en die rekord van die skeppingsgebeure aan Moses (die outeur van o.a. Genesis) voorsien het. Ons kies deur geloof om dit te glo.

- **Wat is 'n geboortesertifikaat en hoe werk dit in die Bybel?**

Toe jy gebore is, het jou ouers 'n geboortesertifikaat ontvang met die datum en tyd waarop jy gebore is. Die Bybel gee vir ons 'n geboortesertifikaat van die heelal.

- **Wat is 'n geslagsregister en wat leer ons uit die Bybel se geslagsregisters?**

Geslagsregisters is die lyste en lyste van name en ouderdomme in die Bybel. Hieruit leer ons dat die skepping jonk is - ongeveer 6,000 jaar.

- **Kan ons God se Woord vertrou oor die ouderdom van die skepping?**

Ja. Die betroubaarste manier om die ouderdom van enigiets te bepaal, is deur die getuienis van 'n betroubare getuie - deur iemand wat daar was. Die Bybel is die kommunikasiemiddel van ons Skepper - dié Een wat wél daar was! Omdat die Bybel God se Woord is, weet ons dat die Bybel die enigste betroubare bron aangaande die ontstaan en ouderdom van die aarde en heelal kan wees. Die Bybel is die 'ooggetuie' dat God die wêreld en die heelal letterlik in ses gewone dae geskape het.

- **Maar hoe het hulle hierdie geskatte 6,000-jaar ouderdom van die skepping uitgewerk?**

Deur die familiegeskiedenis in Génesis tot en met Jesus se eerste koms, word daar vir ons 'n akkurate rekord van gebeure gegee. Deur die stamvader-ouderdomme bymekaar te tel, kan ons redelik akkuraat uitwerk hoe lank terug wát gebeur het. M.a.w., as jy al die ouderdomme volgens die geslagsregisters bymekaartel, dan is dit duidelik dat Adam ongeveer 4,000 jaar voor Christus se koms geskape is en dat die Vloed van Noag ongeveer 2,500 jaar voor Christus plaasgevind het. As ons nou die aarde se 4,000 bestaansjare vóór Christus se koms by die 2,000 jare ná Christus se koms tel, dan werk die skepping en dus die aarde se ouderdom op ongeveer 6,000 jaar uit.

- **Wat het God op Dag 5 geskape?**

God het al die water wesens asook al die vlieënde wesens volgens hulle soorte geskape.

- **Noem vir my 'n paar waterwesens?**

Visse, walvisse, inkvisse, jellievisse, krappe, kril en korale, see-sterretjies, opblasies .. en plesiousourusse, ens.

- **Noem vir my 'n paar vlieënde wesens?**

Voëls, skoenlappers, bye, kewertjies

- **Ons Bybel noem voëls, maar wat van vlermuise en vlieënde reptiele (pterosourusse)?**

Die Hebreeuse woord vir dit wat in ons Bybel 'voëls' genoem word, is die woord 'ôph', en dit beteken 'Vlieëndes of vlieënde kreature'. Aangesien vlermuise, pterosourusse en insekte vlerke het en kan vlieg, is dit heeltemal reg om hulle saam met voëls onder die Hebreeuse woord vir 'vlieende kreature' te groepeer.

- **Is die vlerke van voëls, vlermuise, insekte en vlieënde reptiele dieselfde?**

Nee. Voëls se vlerke bestaan uit vere, maar insek-vlerke bestaan uit membrane of soms dun skubbe. Vlermuise se vlerke bestaan nou weer uit 'n dun vel wat oor sy arm- en hand-bene uitgestrek is terwyl die pterosourusse se vel nét oor die lang vierde vingerbeen gestrek is.

- **Hoe is voëls aangepas om te kan vlieg?**

Voëls is spesiaal ontwerp om te kan vlieg. Hulle beentjies is baie ligter as ons swaar, soliede bene, want voëls se beentjies is meestal hol en vol lugspasies, maar tog is hulle beentjies glad nie swak nie omdat daar spesiale kruisbene aan die binnekant is wat dit versterk. Hulle snawels is ook ontwerp om baie lig te wees en bestaan uit keratien, dieselfde materiaal wat in ons hare en in 'n renoster se horing is. Hulle het verder baie sterk borsspiere en hulle longe is spesiaal ontwerp sodat hulle die maksimum hoeveelheid suurstof kan inneem.

- **Hoe het mense dit reggekry om vliegtuie te laag vlieg?**

Deur voëls na te boots. As dit nie vir die spesiale ontwerp van voëls was nie, sou mense waarskynlik nooit kon uitgewerk het hoe om 'n vliegtuig te ontwerp en te laat vlieg nie, want vliegtuie is gebou deur die ontwerp van voëls grootliks na te boots. Aangesien ons só duidelik kan sien dat daar ontwerp (m.a.w., goeie beplanning en intelligensie) by die bou van 'n vliegtuig betrokke was, wéét ons dat daar baie beslis 'n baie intelligente ontwerper by hierdie proses betrokke moes gewees het.

- **Wat leer ons uit iets wat ontwerp is?**

Waar daar ontwerp is, moet daar altyd 'n ontwerper wees. Net so, wanneer ons na al die lewende wesens vandag kyk, selfs ook die nie-lewende materie en ons sien hoe elke organisme spesiaal ontwerp is om spesifiek by sy omgewing aan te pas, dan wéét ons dat ons Almagtige Skepper-GOD, Díé Meester Ontwerper is.

- **Wat leer evolusie**

Evolusie leer dat alles wat vandag bestaan, natuurlik en vanself ontstaan het, sonder God. Evolusioniste glo dat alle lewende organismes oor miljoene jare van een soort in 'n ander soort verander of geëvolueer het. Dit behels die wonderbaarlike verandering van nie-lewende materie (mikrobe) in 'n onbekende, klein lewende wese wat uit net een sel bestaan en wat toe verder, oor miljoene jare, in die groot verskeidenheid van lewende wesens wat ons vandag kan sien, geevolueer het.

- **Sommige mense glo dat walvisse uit landdiere geëvolueer het. Hoekom maak dit nie sin nie**

Want daar is geen bewyse daarvoor nie en in elk geval, GOD het mos die landdiere eers op Dag 6 geskape; nádat Hy die seediere geskape het. So hoe kon die seediere uit die landdiere ontstaan het, as die landdiere nog nie eens bestaan het nie?

## **1c Dag 6a - Landdiere** (Bl 27-34)

- **Wat het God eerste op Dag 6 geskape**

Al die landdiere

- **Kan julle vir my 'n paar landdiere noem?**

Wolwe, olifante, katte, krokodille, eekhorinkies, hase, ape, muise, kameelperde, ens.

- **Waneer het God die dinosourusse geskape en hoekom sê jy so?**

Ook op Dag 6, omdat dinosourusse landdiere (land reptiele) was en God het gesê dat Hy al die landdiere op Dag 6 geskape het.

- **Hoekom sien ons nie die woord 'dinosourus' in die Bybel nie?**

Omdat die Bybel-vertalers nog nie die woord 'dinosourus' geken het nie. Die Bybel-vertalings is in die 1500's en 1600's gedoen, maar Sir Richard Owens, het eers in die 1800's die woord 'dinosourus' uitgedink. Dit is bykans 400 jaar nádat die eerste Bybelvertalings gedoen is.

- **Watter woord het die vertalers moontlik gebruik om dinosourusse te beskryf?**

'Draak' of 'monster' in die nuwe vertalings

- **Wat beteken die woord 'dinosourus'?**

Dit beteken 'vreeslike akkedis'

- **Was dinosourusse dan akkedisse?**

Nee, maar toe wetenskaplikes hulle bene vir die eerste keer ontdek het, het dit vir hulle baie soos groot akkedis-bene gelyk. Dinosourusse was unieke land-reptiele

- **Hoe verskil dinosourusse van akkedisse?**

Die belangrikste verskil is waarskynlik die feit dat dinosourus bene 'regop' eerder as 'sywaarts' is soos tipies van reptiele insluitend sommige akkedisse

- **Skool handboeke leer; en meeste van die wêreld glo, dat dinosourusse ongeveer 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het. Tog toon die Bybel dat hulle slegs 6,000 jaar gelede geleef het. Hoe maak ons sin hiervan?**

Die Bybel leer vir ons dat GOD ÁL die landdiere op die sesde dag geskape het en aangesien dinosourusse landdiere was, moes dit hulle ingesluit het. Dinosourusse kon nie 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het nie omdat hulle en die dood nog nie eens bestaan het nie. Die Bybel leer vir ons dat dood in die wêreld ingekom het weens Adam en Eva se sonde. Dit word ook die 'Sondeval' genoem en daardie Sondeval het slegs ongeveer 6,000 jaar gelede plaasgevind het. Hoe kon enigiets dan voor daardie tyd (m.a.w. 65 miljoen jare gelede) doodgegaan het, as die aarde slegs ongeveer 6,000 jaar oud is en sonde en die dood nog nie eens bestaan het nie?

- **Is daar ander verwysings na drake, behalwe in die Bybel, wat wys dat mense moontlik saam met hulle geleef en geweet het hoe hulle gelyk het?**

Ja, daar is wêreldwyd historiese verwysings na drake. Koning George het met 'n draak geveg wat ons vandag as 'n dinosourus genaamd 'n Nothosaurus identifiseer. Alexander die grootte se weermag het ook 'n dinorourus gesien en so ook Marco Polo toe hy China besoek het. Die Chinese geskiedkundiges beeld ook dinosourusse saam met bekende diere uit op die Chinese Zodiac. Verder is daar rotstekeninge, tapeseries en uitkerwings van dinosourusse wat duidelik aantoon dat mense geweet het hoe hulle gelyk het (nog voordat die fossiele van dinosourusse ontdek is) omdat hulle op dieselfde tyd geleef het!

- **In Job 40 verwys God waarskynlik na 'n dinosourus wat Hy geskape het. Wat was dit?**

Die Behemoth word in ons Bybel of as 'n olifant beskryf, omdat 'n olifant vandag die grootste landdier is, óf 'n seekoei, omdat hulle soms in moeras areas voorkom.

- **Is dit waar dat die olifant die grootste landdier is wat God geskape het?**

Nee, die fossielrekord (die begraafplaas van die Vloed) bevestig duidelik dat die olifant beslis níé die grootste landdier is wat GOD gemaak het nie. Olifante vertoon soos dwergies teen van die grootste dinosourusse!

- **Hoekom kon die dier in Job 40 nie 'n olifant of a seekoei gewees het nie?**

Want die stert van hierdie dier word met 'n sederboom vergelyk wat in die Bybel geken word vir sy grootte en krag en daarom is dit 'n sterk aanduiding dat die dier enórm gróót was. Die seekoei het net 'n kort knoetseltjie en die olifant het 'n dun, koordvormige stert. Behemoth se krag is in sy heupe, terwyl 'n olifant se krag is in sy nek, kop en slurp is; Verder was Behemoth se bene en ribbebene soliede been, waar seekoeie en olifante bene met murgholtes het.

- **Watter dier word moontlik hier beskryf**

'n *Brachiosaurus* - 'n Sauropod-tipe dinosourus en hulle was waarskynlik die grootste landdiere wat God ooit geskape het.

- **Die Bybel praat van die vrug van die Gees. Weet jy wat dit is?**

Dit is die goeie vrugte wat ons as Christene behoort te dra as 'n voorbeeld vir ander mense, sodat hulle kan sien dat ons God se kinders is. Daardie vrugte is: '*Liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.'* (Gal 5:22)

- **Watter dier word moontlik in Job 41 beskryf?**

Leviathan was waarskynlik 'n *Sarchosucchus imperator* (Supercroc)

- **Dink jy nog steeds dat die leeu die koning van die diere is?**

Nee, want Leviathan word die koning van die diere genoem deur God.

- **Hoekom het God hierdie twee indrukwekkende diere in soveel besonderhede beskryf?**

Omdat GOD vir Job en ook vir ons aan al die fantastiese aspekte van Sy wonderlike Skepping wou herinner. GOD vestig Job se aandag op die wonder van Sy Skepping deur eerstens na die grootste en mees indrukwekkendste dier wat nog ooit op die aarde geleef het ('behemoth') te verwys en daarna, deur aan Job die mees gevreesde 'koning van die diere', die 'leviathan' in

Job 40 & 41 te beskryf. 'Leviathan' is ook 'n simbool vir satan. Deur dit te doen leer GOD vir Job en ook vir ons dat nét HY wat GOD is, die oorwinning oor satan, wat ook 'n geskape wese is, kan behaal. Ons word daaraan herinner dat GOD steeds in beheer van ons lewens is, selfs wanneer satan poog om ons te vernietig.

## **1d Dag 6b - Die mensdom** (Bl 34-44)

- **'En GOD het gesê: *'Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis'.* Wie is die 'Ons' waarna GOD hier verwys?**

Dit is die drie Persone waaruit die Goddelike Drie-Eenheid bestaan: Ons Hemelse Vader, die Seun van God (ook genoem die 'Woord' in Joh 1:1) en die Heilige Gees.

- **Wat het GOD bedoel toe Hy gesê het: *'...na Ons beeld, na Ons gelykenis'.***

Die mensdom is báie spesiaal vir GOD, en alhoewel GOD baie omgee oor Sy hele skepping, is die mens heeltemal verskillend van al die diere, hoofsaaklik omdat die mens na GOD se beeld geskape is en dus iets van GOD se natuur weerspieël. So wanneer ons na ander mense kyk en hulle na ons, dan behoort ons iets van GOD in mekaar te kan raaksien. Ons behoort nie iemand te sien wat soos 'n dier optree nie. Dit is hoekom slegs mense (nie diere nie) die vermoë het om 'n persoonlike verhouding met ons Skepper-GOD te kan hê.

- **Baie mense glo dat ons 'n onsterflike siel het, maar wat leer ons uit Genesis 2:4 *'En die HERE GOD het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword'*?**

Ons lees hier hoe God die stof van die aarde geneem het om die mens te formeer en eers nadat HY Sy lewensasem (Sy Ruach of Sy Gees) in die dooie vorm ingeblaas het, het daardie 'vorm' 'n lewende wese of 'n lewende siel ***geword***. Daar staan níé dat God aan die mens 'n lewende siel gegee het, so asof die siel iets apart is nie, maar God het die stof (die vleeslike) geneem en Sy asem (Ruach/Gees) daarin ingeblaas en met die samevoeging van die twee, het die mens 'n lewende siel geword.

- **Wat beteken dit?**

Dit beteken dat die siel nie iets aparts is nie. Ons IS a lewende, sterflike siel en ons is slegs lewendig omdat God se lewensasem ons dag-vir-dag lewend hou.

- **Wat gebeur wanneer mens doodgaan?**

Die lewe word slegs deur God gegee, en wanneer daardie lewe eindig, dan gaan die lewensasem terug na God Wie dit gegee het, jou liggaam word weer stof en jou siel (jou lewe) hou op om te bestaan (Pre 12:6-7).

- **Hoe beskryf die Bybel die dood?**

Die Bybel beskryf die dood as 'n slaap

- **Weet jy wanneer jy slaap?**

Nee, al wanneer jy wéét dat jy geslaap het, is wanneer jy weer wakker word; en dit is presíés hoe dit is met die dood.

- **Gaan jy weet dat jy dood is wanneer jy eendag doodgaan?**

Nee, net soos wanneer jy slaap is dit ook met die dood. Die dag wanneer jy doodgaan, gaan jy nie weet dat jy dood is nie en jy gaan ook geen idee hê van hoe lank jy al dood is nie. Jy gaan

eers weet dat jy dood *was* wanneer jy jou ogies weer oopmaak en Jesus voor jou sien met 'n reuse glimlag op Sy liefdevolle gesig!

- **Hoekom gaan mense, plante en diere vandag dood?**

Ons was nóóít veronderstel om dood te gaan nie, niks was veronderstel om dood te gaan nie, maar a.g.v. die Sondeval, waaroor jy in die volgende episode gaan leer, het dood in die Skepping ingekom.

- **Sou Adam en Eva doodgegaan het as hulle nie gesondig het nie?**

As hulle getrou aan God gebly en nie gesondig het nie, sou hulle nie doodgegaan het nie, want dood is die gevolg van sonde. God se lewensasem sou hulle lewendig gehou het as hulle nie gesondig het nie.

- **Is daar 'n oplossing vir hierdie hartseer probleem van sonde?**

Ja! Jesus het 'n oplossing omdat Hy vir ons 'n gratis geskenk het: 'n Offer wat verseker dat elke mens wat in Hom glo en doen wat Hy vra, weer opgewek gaan word met Sy tweede koms na die Aarde. En sodra Jesus ons wakkermaak, gaan Hy vir ons 'n splinternuwe, onsterflike liggaam gee. Dit beteken dat jy nóóit weer sal seerkry, siek word, of selfs doodgaan nie. Almal wat in Jesus glo en Sy gebooie gehoorsaam, sal eendag saam met Hom in die Hemelse Paradys lewe - vir ewig! Daar gaan nooit weer sonde of dood wees nie en ons gaan nóóit weer bang of hartseer of alleen voel nie. Is dit nie iets wonderliks om na uit te sien nie?

- **Hoef ons as Christene bang te wees vir die dood?**

Al is ons nou nogal bang om aan die dood te dink, onthou altyd dat wat God se kinders betref, die dood net 'n droomlose slapie is terwyl ons ons Hemelse Paradys afwag.

- **Watter belangrike werk het God vir Adam op sy eerste bestaansdag gegee?**

Hy moes vir ál die voëls asook die landdiere, name gee.

- **Hoe kon Adam dit alles in net een dag gedoen het, veral as mens na die groot verskeidenheid van diere wat vandag op die aarde is, kyk?**

Die Bybel vertel vir ons dat Adam nie nodig gehad het om die diere te gaan soek nie, want God het hulle na hom toe gebring. Van die vee-diere soos skape, beeste, varke, hase, perde en so aan, was daar waarskynlik minder as twaalf oorspronklike geskape soorte. Die *'wilde diere van die veld'* het waarskynlik in die oopte (vlaktes) geleef. God het ook nie vir Adam gesê om name vir ál die landdiere op aarde, soos bv. kruipende diere en insekte te gee nie. Slegs 2% van alle diere het 'n rugstring en die meeste van hulle is visse. Die Bybel gebruik die woord 'soort' en nie die woord 'spesie' nie. Vandag is daar baie tipes 'honde' wat wolwe, jakkalse, vosse en so aan insluit. In die begin was daar egter net één hond- of wolf-soort waaruit ál die verskillende wolwe, jakkalse, vosse en honde later ontstaan het. So, Adam het beslis nie 'n 'Miniatuur Pincher' of 'n Worshond benaam nie, want hulle het in elk geval nog nie bestaan nie. Hy het hierdie oorspronklike dier net 'wolf' of 'hond' genoem.

- **Hoe lank sou dit geneem het?**

Adam sou op die meeste vir slegs ongeveer een duisend diere- en voëlsoorte name moes gegee het. As Adam so elke paar sekondes vir 'n diersoort 'n naam gegee het, sou dit hom slegs ongeveer drie tot vier ure geneem het om sy taak te voltooi.

- **Hoe het God vir Eva gemaak?**

God het Adam aan die slaap gemaak en tydens die heel eerste operasie ooit, het HY een van Adam se ribbebene geneem om sy maat mee te maak.

- **Wat beteken 'Eva' en hoekom is dit belangrik?**

Dit beteken 'lewe', want Eva sou uiteindelik die moeder van die hele mensdom word. Dit beteken dat elke liewe mens wat nog ooit bestaan het, familie van Adam en Eva is (Hand 17:26). M.a.w., elke mens op aarde, is eintlik familie van mekaar!

- **Het Adam en Eva se kinders dan een minder ribbebeen gehad as gevolg hiervan?**

Nee, die ribbebeen is die een been wat weer kan groei indien die membraan wat om hom is, die periosteum, nie beskadig word nie. Dit beteken dat Adam se ribbebeen weer gegroei het en al hulle kinders wat nog gebore sou word, het ook die regte hoeveelheid ribbebene gehad.

- **Ons leer in Genesis dat God ook op die sesde dag die huwelik ingestel het. Wat presies se die Bybel hieroor?**

Die huwelik tussen één man en één vrou. God het nie die huwelik ingestel om tussen een man met báie vroue of een vrou met báie mans, of tussen twee vroue of tussen twee mans te wees nie. Die huwelik tussen een man en een vrou is dus 'n heilige instelling. Enigiets buiten dit, word NÍÉ deur God as 'n huwelik erken nie; dit maak nie saak hoeveel menslike wette daaroor gemaak word nie.

- **God het ook vir Adam en Eva, m.a.w., die mensdom as 'rentmeesters' van Sy Skepping aangestel. Wat beteken dit?**

Dat hulle (en ons) veronderstel is om vir die aarde te sorg, daarvoor om te gee en dit op te pas.

- **Wat beteken 'Eden'?**

Vreugde / plesier

- **Wat het mense en diere aan die begin geëet?**

Plante (vrugte, neute, sade)

- **Wat was die EEN ding wat God vir hulle gesê het hulle nie mag doen nie?**

GOD het vir Adam en Eva verduidelik dat hulle van énige boom in die hele pragtige tuin se vrugte kon eet, almal, behalwe één; en dit was die '*Boom van Kennis van Goed en Kwaad*'.

- **Was daar genoeg kos vir hulle en al die diere?**

Ja, daar was beslis meer as genoeg omdat elke soort boom bv deur die sade binne-in die vrug, nog meer van sy eie soort sou kon produseer. Die vrugte sou altyd vars en soet en voedsaam gebly het.

- **Hoe het God sy Skeppingswerke beskryf?**

Gedurende die Skeppingsweek het God Sy Skeppingswerke ses keer as '*goed*' beskryf, maar toe HY op die einde van Dag 6 na Sy voltooide skeppingswerke gekyk het, het HY dit as *'baie goed'* beskryf.

- **Wat beteken dit regtig?**

Dit beteken dat alles geskape was om absoluut pragtig en perfek te wees. Die vrugte het nie vrot geword en die blare het nie afgeval nie. Daar was geen boosheid, of kwaad, siekte of lyding, pyn of hartseer en veral, geen dood nie. Dit was perfek en volmaak.

- **Hoe verskil die idee van evolusie met dit wat in die Bybel staan?**

Die Bybel vertel vir ons dat God elkeen van die diere (en die mens) volgens hulle soorte geskape het, net soos wat Hy met die plante gedoen het. God het die geskape wesens geseën en vir hulle gesê om vrugbaar te wees en te vermeerder. Dit beteken dat elke soort slegs meer van sy eie soort kon voortbring. Dit is presies hoe dit vandag nog steeds werk.
Aparte soorte kan nie met mekaar paar en nakomelinge voortbring nie, m.a.w. een soort het nog nóóit en sal ook nóóit 'n ander soort kan voortbring soos wat in evolusie geleer word nie. Mense en ape is aparte soorte; Visse en paddas is verskillende soorte; Voëls en reptiele is aparte soorte; Honde en katte is aparte soorte. Alhoewel daar vandag 'n groot verskeidenheid van bv. honde en katte voorkom, is honde nog stééds honde, katte is stééds katte, ens.! Daar bestaan absoluut géén bewyse wat evolusie van een soort in 'n ander soort ondersteun nie.

- **Wat is oorgangsvorms?**

Oorgangsvorms is iets wat geleidelik in iets anders verander/evoluëer. As dit werklik waar was dat een soort in 'n ander soort kon evoluëer, behoort ons miljoene der miljoene voorbeelde van tussen-in vorms (oorgangsvorms) in die fossielrekord (wat die aarde se begraafplaas van die Vloed is) te kry. Ons behoort bv visse te sien wat geleidelik in paddas geëvolueer het, reptiele wat geleidelik in voëls geëvolueer het en ape wat geleidelik in mense geëvolueer het. Dit is dus die oorgangsvorms wat daar behoort te wees maar wat GLAD NIE bestaan nie!

## **1e Dag 7 - Die Sabbat** (Bl 45-49)

- **Hoeveel dae is daar in die Skeppingsweek?**

Sewe

- **Hoekom moet ons oor die Sewende Dag van die Skeppingsweek ook leer?**

Want die Sewende Dag is onlosmaaklik verbind aan die skeppingsweek. Dit beteken dat ons nie die Sewende Dag kan losmaak of afkap van die Skeppingsweek nie.

- **Dink jy God was moeg nadat Hy al hierdie fantastiese dinge geskape het?**

Nee, want die Bybel leer vir ons dat God nooit moeg word nie. Lees dit in Jes 40:28.

- **Hoekom lees ons dan in die Bybel dat God 'gerus' het?**

God het na alles gekyk wat Hy geskape het en Hy was baie tevrede daarmee - dit voltooi, volledig en perfek en saam met Adam en Eva het Hy Hom verlustig daarin. God was dus nie moeg nie, maar Hy het eintlik vir ons 'n voorbeeld gestel wat ons behoort te volg.

- **Hoekom het God alles in ses geskape?**

God is almagtig en natuurlik kon Hy alles oor miljarde jare of selfs in een oomblik geskape het as Hy sou wou, maar God het gekies om dit in ses dae te doen, sodat ons kon sien hoe God wou hê dat ons ons werksdae teenoor die Sabbatsrusdag moes organiseer.

- **Kan ons sommer self 'n sewende dag kies en so die Sabbat hou?**

Nee, GOD vra dat ons vir ses dae sal werk en op DIE Sewende dag sal rus; níé 'n sewende dag wat ons sommer self kan kies nie. Die woordjie 'die' wat voor 'Sewende Dag' gebruik word, word 'n bepaalde lidwoord genoem en dit dui altyd iets spesifieks aan. Die outeur verwys duidelik na 'n spesifieke dag - die Sewende Dag. Dit is hoekom ons week vandag nog steeds presies sewe dae lank is.

- **Is die onderhouding van die Sabbat belangrik vir God?**

Inderdaad, want Hy het dit deel gemaak van Sy Heilige Tien Gebooie wat Hy met sy Eie vinger in klip geskryf het.

- **Maar hoekom? Is die Sabbatdag nie maar net nog 'n dag nie?**

Daar is twee redes hoekom God ons beveel om die Sabbatdag heilig te hou. Die eerste rede het te doen met die feit dat God ons Skepper is en ons lees dit in Eksodus 20:8-11 waar ons God se Tien Gebooie kry. Lees dit.

Die eerste rede wat God hier vir ons gegee het om die Sabbatdag te heilig, is omdat ons só erken dat God ons **Skepper** is en dat ons veral op die Sabbatdag weer sal nadink oor Sy fantastiese skeppingswerke!

In Deut 5:12-15 gee GOD vir ons nóg 'n rede hoekom ons die Sabbatdag behoort te onderhou en dit het te doen met die feit dat God ons **Verlosser** is. Lees dit. M.a.w., wanneer ons kies om in gehoorsaamheid aan God se gebooie te leef - en dit sluit in dat ons die Sewende Dag

Sabbat onderhou en heilig - dan word die Sabbat 'n teken tussen ons en God waar ons erken dat God ons Skepper en ons Verlosser is en dat ons voor SY gesag buig.

- **Is the Sabbat-opdrag nie slegs 'n opdrag vir die Jode nie?**

Nee. Israel (die Jode) staan algemeen as 'God se volk' bekend, maar die Bybel leer vir ons dat nie net die Jode alleen God se volk is nie, maar wel ook almal wat kies om in Hom te glo. Dit sluit vir jou en vir my in! God tref dus géén onderskeid tussen Jode en nie-Jode nie, maar Hy tref wél onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges. Lees hoe die Apostel Paulus dit verduidelik in Gal 3:26-29. Onthou ook dat die Sabbatdag by die Skepping ingestel is lank voor enige volk (soos die Jode), of nasie, of stam eens bestaan het. Dit is dus 'n opdrag aan die hele mensdom, nie net aan die Jode nie.

- **Gee God vir ons 'n pragtige belofte oor die onderhouding van die Sabbatdag?**

Ja, lees daaroor in Jesaja 58:13-14

- **Wat beteken dit dat die Tien Gebooie 'in klip geskryf' is?**

Dit beteken dit is vir ewig

- **Gaan ons die Sabbat eendag in die hemel, m.a.w., vir ewig onderhou?**

Inderdaad, lees daaroor in Jes 66:22-23

- **Watter dag is die Sabbatdag**

Die Sewende Dag Bybelse Sabbat was nog altyd, en is steeds op 'n Saterdag, nie 'n Sondag nie.

- **Hoekom glo so baie mense dis op 'n Sondag**

Baie mense glo dat die Sewende Dag Sabbat na die eerste dag (of Sondag) verander is omdat Jesus se Opstanding op die eerste dag (of Sondag) plaasgevind het.

- **Is dit Sabbatdag ooit verander?**

Nee, die Sabbatdag is nog nóóit deur God verander of verskuif nie en daar is ook géén vers in die Bybel wat vir ons leer om die eerste dag (Sondag) heilig te hou nie.

- **Wie stel vir ons die belangrikste voorbeeld hieroor?**

Jesus, want Hy (en Sy dissipels) het die Sabbat onderhou en Jesus het vir ons gesê: *'As jy My liefhet, bewaar my gebooie.'* (Joh 14:14). Jesus was selfs tot in Sy dood gehoorsaam aan hierdie gebod deur op die Sabbatdag in die graf te rus.

- **Hoekom onderhou meeste Christenkerke vandag Sondag (1ste dag) i.p.v. Saterdag?**

Weens 'n tradisie wat baie lank gelede alreeds deur die Rooms katolieke Kerk ingestel is, alhoewel baie Christene dit nie eens besef nie. Die eerste Sondagwetgewing wat mense beveel het om die 1ste dag of Sondag ipv die Sabbat te heilig, is baie jare gelede, in die jaar 321nC deur Keiser Konstantyn ingestel. Dit is 1700 jare gelede! En tot vandag toe, onderhou meeste kerke Sondag weens hierdie Roomse Kerk tradisie.

- **Wat het Jesus gesê aangaande die onveranderlikheid van die gebooie, tradisie en die verbreking van Sy Gebooie**

Lees Matt 5:18-19 en Matt 15:9

- **Wie was die slimste mens ooit op aarde?**

Koning Salomo

- **Wat het hy gesê aangaande God se Tien Gebooie?**

Pre 12:13 '*Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees GOD en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense*. 'Hoeveel mense? Alle mense!

- **Gaan dit regtig alles oor 'n Dag?**

Nee, dit gaan beslis nie oor 'n dag nie, dit gaan oor gesag. Buig ons voor GOD se gesag (omdat ons vir Hom lief is), of buig ons voor die mens se gesag en tradisies?

- **Kan ons gered word deur net die Gebooie te onderhou?**

Nee, maar ons behoort die Gebooie van God te onderhou OMDAT ons gered is (uit liefde tot God), nie SODAT ons gered kan word nie. Baie belangrik: Slegs Jesus kan ons red - nie ons eie werke nie - selfs nie eens werke van gehoorsaamheid of deur die Sabbat te onderhou nie.

# DEEL 2

# VERWOESTING

## 2a Die Sondeval (Bl 51-59)

- **Hoekom is daar reëls?**

Reëls is meestal goed en daar om jou te beskerm en veilig te hou.

- **Wat leer die Bybel aangaande gehoorsaamheid aan ons ouers?**

Dat ons aan ons ouers gehoorsaam móét wees en ons ouers móét eerbiedig. Dit beteken dat jy respek moet hê wanneer jy met of van jou ouers praat en dat jy hulle reëls moet gehoorsaam.

- **Hoe dink jy voel jou ouers wanneer jy ongehoorsaam was?**

Omdat jou ouers baie lief vir jou is, maak dit hulle baie hartseer wanneer jy ongehoorsaam was en hulle jou moet straf. Dis vir geen goeie ouer lekker om hul kinders te straf nie.

- **Hoekom is dit belangrik dat jy gestraf moet word indien jy ongehoorsaam aan jou ouers se reëls was?**

God het ouers aangestel om vir hulle kinders gehoorsaamheid te leer - aan hulle ouers en nog baie belangriker, aan God. Dit is ouers se heel belangrikste werk: Om kinders groot te maak namens God, ons Hemelse Pappa en om vir julle van Sy liefde en genade te leer. Deur jou te straf nadat jy ongehoorsaam was, leer vir jou dat ongehoorsaamheid altyd 'gagga' nagevolge het sodat jy volgende keer hopelik twee keer gaan dink voordat jy sommer net doen wat jy wéét jy nie behoort te doen nie.

- **Wat beteken dit dat God vir ons 'vryheid van keuse' gegee het?**

God het ons geskape met die vryheid van keuse want ware liefde moet altyd vir jou die vryheid gee om self te kan kies. Dit beteken dat ons self kan kies of ons Hom wíl dien, wíl liefhê en wíl gehoorsaam of nie. MAAR ONTHOU, keuses het altyd nagevolge.

- **Wat is sonde?**

Sonde is enigiets wat ons dink, of doen, of sê, waar ons ongehoorsaam aan GOD se opdragte, naamlik die Tien Gebooie is. Die Tien Gebooie is in Exodus 20. Dit is God se Wet en hierdie Wet wys vir ons wat sonde werklik is. Lees wat staan in 1Joh 3:4 en Rom 7:7-8

- **Kan die Wet ons reinig van sonde?**

Nee, die Tien Gebooie is soos 'n spieël waarin ons kan sien waar ons vuil geword het van sonde. Water kan nie daardie vlekke wat sonde gemaak het afwas nie. Dit kan ook nie gebeur deur slegs in die spieël in te staar nie. Slegs die bloed van Jesus Christus, ons Verlosser, kan ons reinig van ons sonde.

- **Hoekom het God vir ons die Tien Gebooie gegee?**

Net soos wat ons in die heel eerste vraag oor reëls geleer het, het God vir ons die Tien Gebooie gegee omdat Hy baie lief vir ons is en omdat Hy ons wil beskerm teen die negatiewe en skadelike nagevolge van ongehoorsaamheid.

- **Wat van die mense wat nog nooit van die Tien Gebooie gehoor het nie?**

Diep binne-in ons harte en gedagtes, weet ons almal báie goed wat reg en wat verkeerd is, omdat ons na die Beeld van God geskape is en omdat die Heilige Gees ons voortdurend daaraan herinner. Dis egter ons keuse of ons na daardie Stem gaan luister of nie.

- **Wat was die eerste reël wat God vir Adam en Eva gegee het?**

God het gesê om níé van die vrugte van die *'Boom van Kennis van Goed en Kwaad'* te eet nie.

- **Wat sou  sou die gebeur indien hulle wel van hierdie boom se vrugte sou eet?**

Omdat Adam en Eva op daardie stadium, nog 100% gehoorsaam aan God was, was daar geen sonde in die wêreld nie en hulle het absoluut niks van enige boosheid af geweet nie. As hulle egter van híérdie boom se vrugte sou eet, sou hulle uitvind wat boosheid en sonde werklik is.

- **Wat was  God se waarskuwing aan Adam en Eva oor die gevolge hiervan?**

God het hulle gewaarsku en 'n baie goeie rede gegee hoekom hulle daardie boom se vrugte nie moes eet nie, want as hulle daarvan sou eet, sou hulle sterf! God wou vir Adam en Eva beskerm deur vir hulle te leer om aan Hom gehoorsaam te wees. Hy wou nie hê dat hulle van hartseer en boosheid moes leer nie, maar die keuse was dus in húlle hande.

- **Was die slang wat vir Eva versoek het, net 'n slang?**

Nee, satan het die slang as 'n instrument gebruik het om met Eva te praat. Die duiwel of satan gebruik graag verskillende instrumente om ons nuuskierigheid te prikkel, om ons te versoek en uiteindelik, om ons te mislei in ongehoorsaamheid aan God.

- **Wat was satan se plan?**

Satan wou vir Eva te laat twyfel aan God se betroubaarheid deur haar te laat twyfel aan dit wat God gesê het. Hy was ook besig om God se woorde baie skelm te verdraai..

- **Wie het die heel eerste leuen in die Bybel vertel en wat was dit?**

Satan het die eerste leuen vertel; en daarom het Jesus hom die vader van leuens genoem (Joh 8:44). Hierdie leuen het te doen met die sterflikheid van die mens. Satan het eintlik vir Eva gesê dat God vir hulle gejok het en dat hulle nie régtig sou doodgaan nie. Tot vandag toe glo baie mense dit nog steeds - dat almal wat doodgaan bloot voortleef en onmiddellik óf hemel óf hel toe gaan omdat hulle glo die mens het 'n onsterflike siel. Maar die Bybel leer vir ons oor en oor en baie duidelik, dat die mens 'n siel **is** - hy het nie 'n siel asof die siel iets aparts is nie en ook, dat die mens sterflik is. Slegs God is onsterflik (1Tim 3:13 en 16). Satan het ook gejok deur te sê dat Adam en Eva '*soos God sal wees*'. Hy het hiermee bedoel dat hulle so magtig soos God sou word.

- **Wat is die 'onvergeeflike sonde' waarvan die Bybel praat?**

Hoe langer 'n mens aanhou om die verkeerde ding te doen, hoe minder gaan dit 'n mens later pla omdat ons onsensitief word vir sonde, hoe meer ons dit doen; en as dit op 'n punt kom dat

dit ons glad nie meer pla wanneer ons sondig nie (dat ons nie meer skuldig voel nie), dan gaan ons ook nie om vergifnis wil vra nie. Jy sien God kan jou nie vergewe as jy nie meer na die Stem van die Heilige Gees, wat jou van jou skuld oortuig, luister, jou sonde belei; en self vir God vra om jou te vergewe nie. Ons móét áltyd sensitief bly vir die sonde en nooit, óóít gemaklik daarmee raak nie! Dit móét ons áltyd pla, want die prys wat Jesus vir ons sondes betaal het, is verskriklik hoog. Daar is geen sonde wat God nie bereid is om die opregte, berouvolle sondaar voor te vergewe nie.

- **Hoe het Adam en Eva gevoel nadat hulle gesondig het teen God?**

Adam en Eva het onmiddellik besef dat hulle iets verkeerd gedoen het. Hulle het nou kennis van sonde en boosheid verkry omdat hulle ongehoorsaam aan God was. Boosheid het nou deel van hulle lewens geword. Dit het hulle verander en hul verhouding met God beskadig. Die karakter van onskuld en geregtigheid wat hulle eens gehad het, is beskadig en hulle het besef dat hulle naak was. Hulle was báíe spyt oor wat hulle gedoen het. Hulle het skuldig gevoel en skaam gekry oor hulle ongehoorsaamheid. Hulle het ook nou besef dat dit nie God was wat vir hulle gejok het nie, maar wél satan, want hulle het beslis nie so wonderlik gevoel nadat hulle die vrug geëet het as wat hulle gedink het hulle sou nie.

- **Hoe voel jy nadat jy iets verkeerd gedoen het?**

Laat kinders self verduidelik - vergelyk met hoe Adam en Eva gevoel het (spyt, hartseer, skaam..)

- **Adam en Eva het probeer om vir God weg te kruip nadat hulle gesondig het. Op watter manier doen mense dit vandag nog steeds?**

Net soos Adam en Eva, probeer ons ook om agter 'vyeblare' weg te kruip. Ons doen dit deur óf daaroor te jok, óf ons probeer om dit te regverdig, óf ons sê: *"Ag wat, dis nie só erg nie."* of.. *"Almal doen dit dan.."*

- **Hoekom is dit so gevaarlik om jou sonde te probeer regverdig (verskoon)?**

Want sonde is sonde en God sê dat álle sonde ewe ernstig is omdat álle sonde uiteindelik na die ewige dood lei. God wil vir ons die ewige lewe gee, nie die ewige dood nie.

- **Wat was Adam se reaksie toe God hom gevra het of hy van die boom geëet het?**

In plaas daarvan dat Adam sy éie skuld erken het, het hy onmiddellik éérs vir GOD, en toe vir Eva beskuldig

- **En wat was Eva se verskoning?**

Sy het die slang blameer

- **Kan ons iemand anders blameer as ons kies om te sondig, selfs al het hulle ons mislei?**

Nee! Ons kan niemand anders blameer nie en wat meer is, God kan ons nie vergewe tensy ons sélf erken wat ons spesifiek verkeerd gedoen het en sélf vir Hom vra om ons te vergewe nie. Niemand kan dit namens ons doen nie; beslis nie 'n priester of 'n leraar nie.

- **Kan ons maar net sê '*Jammer Liewe Jesus*' en dan daardie verkeerde ding weer doen?**

Nee. Wanneer ons sê dat ons jammer is oor iets wat ons gedoen het en om vergifnis vra, dan moet ons hard probeer om dit nie weer te doen nie, maar as ons egter jammer sê terwyl ons in

ons hart alreeds beplan om dit nou-nou weer te doen, (en dink dat niemand daarvan sal weet nie), dan is ons níé opreg jammer nie en kan God ons níé vergewe nie.

- **Weet God wat ons dink?**

O ja, want God is alwetend. God kyk heel eerste na dit wat in ons harte is. Jy kan absoluut niks vir Hom wegsteek nie, nie eens jou gedagtes nie. Lees 1Sam 16:7.

- **GOD het gewaarsku dat hulle sou doodgaan as hulle van die boom se vrugte sou eet. Hoekom? Was die boom en sy vrugte giftig?**

Nee, daar was niks fout met die boom of sy vrugte nie - dit was *'baie goed',* net soos al die ander dinge wat God geskape het. God het hulle verbied om die vrugte van hierdie spesifieke boom te eet omdat Hy hulle lojaliteit en gehoorsaamheid aan Hom wou toets.

- **Hoekom moet God die sonde straf?**

Omdat God 100% liefde, maar ook 100% regverdig en heilig is, móét Hy die sondaar straf.

- **Was God nog lief vir Adam en Eva nadat hulle gesondig het?**

O ja. Al was God baie hartseer oor hulle verkeerde besluit, was Hy nog net so lief vir hulle soos voorheen. God het hulle báíe jammer gekry. Dit het Sy hart gebreek om hulle so hartseer te sien. Hy was veral hartseer omdat Hy geweet het watter hartseer nagevolge die sonde op hulle en hulle hele nageslag tot by ons sou veroorsaak.

- **Watter ligstraal van hoop het God vir hulle gebring?**

Een van die Persone in die Drie-eenheid, Die Seun van God en die Skepper van die hemel en die aarde, Jesus Christus, het reeds voor die Skepping Homself gewillig verklaar om die straf vir sonde in die plek van die mensdom te dra. Dit beteken dat Hy Sy Eie lewe in die plek van sondaars soos Adam en Eva (en jy en ek) sou offer.

- **Hoekom het God vir hulle klere van vel gemaak?**

God wou vir Adam en Eva van hierdie Verlossingsplan leer en aangesien God vir hulle klere van vel gemaak het, beteken dit dat 'n onskuldige dier namens hulle doodgemaak moes word; die eerste lewende wese wat op die aarde doodgegaan het. Dit is waarskynlik waar Adam en Eva vir die eerste keer oor die offer-stelsel geleer het. M.a.w., as gevolg van hulle sonde, moes iets in hulle plek doodgaan as 'n 'tipe', of 'n vb, van Christus die ware Offer in hulle & ons plek.

- **Sommige mense sê dat dit onregverdig en wreed van God was om Sy Seun te laat kruisig, maar is dit waar?**

Dit is baie belangrik om te verstaan dat die Seun Sélf en vrywilliglik Sy lewe wou aflê omdat HY die Vader en vir ons, só oneindig liefhet. Niemand het die Seun beveel om dit te doen nie en die Seun het ook geen besluit op Sy eie geneem nie, maar altyd in ooreenstemming met Sy Vader se wil. Die Verlossingsplan is dus in eenheid deur die Drie-eenheid bepaal. Wanneer Jesus dus sê dat Hy sy lewe Self aflê, dan dui dit bloot daarop dat HY nie gedwing was nie, maar dit vrywillig gedoen het, uit liefde vir ons en vir die Vader. Lees Joh 10:17-18.

- **So wat is die groot hoop wat God hier vir die mensdom gegee het?**

HY het belowe dat daar hoop en vergifnis vir die mensdom beskikbaar was deur Jesus Christus.

## **2b Die gevolge van die Sondeval** (Bl 60-67)

- **Wat is 'n profesie?**

'n Profesie is 'n openbaring van God aan die mensdom oor dinge wat nog in die toekoms gaan gebeur; en aangesien sommige van daardie dinge alreeds gebeur het, kan ons terugkyk in die geskiedenis om duidelik te sien hoe God se profesieë waar geword het.

- **Génesis 3:15 bevat 'n baie belangrike profesie. Waaroor gaan dit?**

Daar word verduidelik hoe Een van die vrou se afstammelinge eendag die slang se kop sou vermorsel en die slang sou Hom in die hakskeen byt.

- **Wat beteken dit?**

Hierdie profesie verwys na die feit dat Jesus Christus na die aarde sou kom en dat Hy satan en sy werk van misleiding geheel en al sou vernietig. Jesus sou namens ons aan die kruis sterf en omdat Hy na drie dae opgestaan het, het Hy die vloek van die sonde, die dood, vir eens en vir altyd oorwin! En so het Jesus dan die slang (wat satan verteenwoordig) se kop vermorsel!

- **Wat het God spesifiek vir Eva gesê?**

Dat haar pyn en moeite met haar kinder-geboortes grootliks sou vermeerder weens haar sonde

- **Wat het God spesifiek vir Adam gesê?**

God het vir Adam gesê dat die grond, weens hulle sonde, nou vervloek was en dat dit dorings en distels sou oplewer. Dit het nie voor die Sondeval bestaan nie. Waar Adam se werk voorheen vir hom lekker was, sou dit voortaan baie moeite vereis. Die mensdom sou vir die res van hulle bestaan baie hard moes werk sodat die grond vir hulle kos kon oplewer.

- **Kan ons vandag nog steeds die gevolge van die Sondeval in die natuur sien?**

Ja, ons sien dit in pragtige blomme wat verwelk, op die grond neerval, verrot en doodgaan. Ons sien dit in gewasse wat misluk, in droogtes en in vloede. Ons ervaar dit in vreeslike storms en tsunami's wat groot gebiede verwoes en ons sien dit wanneer ons 'n sappige mango hap net om 'n wurm binne-in te kry wat hom reeds bederf het. Lees Rom 8:20-22

- **Hoekom het God Adam en Eva uit die Tuin van Eden weggestuur?**

Daar was ook 'n ander boom in die Tuin van Eden wat God spesifiek genoem het; en dit was die '*Boom van die Lewe*'. In Open 22:1-2 & 14 word verduidelik dat die vrugte van hierdie boom genesing sal bring en dat almal wat hemel toe gaan, van hierdie vrugte gaan eet en vir ewig saam met God gaan leef. Indien Adam en Eva in hulle sondige toestand steeds toegang tot híérdie boom gehad; en van die vrugte sou eet, sou die mensdom onsterflik geword en vir ewig in hierdie sondige toestand bestaan het. God kon dus nie toelaat dat hulle van hierdie boom se vrugte eet nie en daarom het Hy hulle uit die Tuin gestuur en 'n engel beveel om die toegang tot Eden en die '*Boom van die Lewe*' te bewaak.

- **Wat anders leer ons hieruit?**

Dit is 'n verdere bewys dat die mensdom sterflik is. Ons sou slegs onsterflik gewees het, indien ons gehoorsaam aan God gebly en so onbeperkte toegang tot die '*Boom van die Lewe*' gehad

het. Al sou Adam uiteindelik 930 jaar oud word, het hy en Eva van daardie oomblik af, stadig maar seker begin om dood te gaan - net soos ons elke dag.

- **Hoekom is daar só baie pyn, lyding, siekte, gebrek, oorloë en hartseer vandag in die wêreld? Is dit God se skuld?**

God het Adam en Eva volmaak, gesond en gelukkig geskape met die vermoë om self te kon kies tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God; net soos ons steeds elke dag daardie keuse moet maak. Wanneer ons 'n keuse maak, dan moet ons egter ook die nagevolge van daardie keuse aanvaar. Toe Adam en Eva ongehoorsaamheid gekies het, was die nagevolge dat sonde, siekte, lyding en dood in die wêreld ingekom het. Dit is beslis nie hoe God wou gehad het die mensdom se lewe moes wees nie. Lees Rom 5:12.

- **Wat was Adam en Eva se eerste twee seuns se name en wat het hulle gedoen?**

Kain was 'n landbouer en Abel was a skaapherder.

- **Hoekom het mense in die Ou Testament bloedoffers aan God gebring?**

'n Offer aan God het 'n baie spesifieke doel. Die onskuldige lam is 'n simbool van Christus wat Sy onskuldige, sondelose lewe sou opoffer om die prys te betaal vir die straf van die gevalle mensdom se sonde. Die bloed van die lam verteenwoordig Christus se bloed wat ons sondes afwas. Dit is hoekom mense in die Ou Testament bloedoffers aan God gebring het. Só het hulle gewys dat hulle verstaan hoe sonde na die dood lei en dat 'n onskuldige Lam (Jesus Christus) eendag die Volmaakte offer vir die mensdom sou bring. Lees Heb 9:22.

- **Hoekom het God Kain se offer verwerp, maar Abel se offer aanvaar?**

Want Kain het van die opbrengs van sy saaiboerdery geoffer, terwyl Abel sy heel beste lam aan God geoffer het. Abel het dus 'n bloed-offer gebring, maar Kain het nie. Natuurlik kon Kain met sy broer onderhandel het om van sy vrug-opbrengs vir een van Abel se lammetjies te verruil, maar hy het nie. Die Bybel verduidelik ook hoe Abel sy offer in geloof aan God gebring het, want sy hart was opreg, maar Kain se hart was nie opreg nie en God het dit geweet.

- **Wat was Kain se reaksie toe God sy offer verwerp het?**

Hy het hom daar en dan liederlik vervies en sommer báie kwaad geword.

- **Hoe het God vir Kain probeer help om weg te draai van sonde? Het hy geluister?**

Lees Gen 4:6-7. Nee, hy het dit geïgnoreer en gevolglik net al hoe kwater en kwater geword.

- **Waartoe het hierdie vreeslike woede van Kain uiteindelik gelei?**

Op 'n keer, toe Kain en Abel alleen in die veld was, het Kain se opgekropte woede skielik oorgekook en die volgende oomblik het hy vir Abel, sy eie broer, morsdood geslaan! Dit was die heel eerste moord op aarde.

- **Watter belangrike les leer ons hieruit?**

Ons leer dat ons nie ons emosies sommer net vrye teuels moet gee nie, want dit kan ons en die mense om ons, vernietig! Ons moet daagliks bid en God vra om ons te help om ons emosies te beheer. Ons emosies (veral woede) moet ons nie beheer nie, ons moet in beheer van ons emosies bly. Dit feit is, wanneer 'n mens kwaad is, dan kan jy nie helder dink nie en dan doen jy soms baie dom dinge..

- **Het ons nog steeds 'n offer-stelsel vandag waar ons offers moet bring?**

Nee, die hele offerstelsel het tot 'n einde gekom nadat Jesus, die perfekte Lam van God, die perfekte offer vir ons sondes gebring het. Daardie éénmálig en perfekte offer wat die Ou Testamentiese bloed-offers vervang het, was Jesus Christus se kruisdood. Daarom wil God nie meer hê dat ons enige ander bloed-offers vir Hom moet bring nie. Lees Heb 10:10.

- **Wat was die naam van die eerste seun wat Adam en Eva na Abel se dood gehad het en wat beteken sy naam?**

Set en dit beteken 'plaasvervanger'

- **Wie was Kain se vrou?**

In Génesis 5:4 leer ons dat Adam en Eva ander seuns...ssssss en ander dogters...ssssss gehad het. Adam het 930 jaar oud geword. Dit is genoeg tyd om 'n aansienlike groot nasie te bou! Aangesien Adam en Eva die eerste mense op aarde was; en hulle báie kinders gehad het, moes Kain en Set en al hulle broers dus met hulle eie sussies getrou het!

- **Wat is mutasies?**

Jou liggaam bestaan uit biljoene klein selletjies, en binne-in elkeen van hierdie klein selletjies is daar selfs nog kleiner goedjies wat ons 'gene' noem. Hierdie gene dra al die inligting wat ons van ons ouers af geërf het en wat ons weer aan ons kinders kan oordra. Soos wat hierdie gene van een generasie na die volgende oorgedra word, glip daar soms foute in. Ons noem hierdie foute, 'mutasies' en mutasies is verantwoordelik vir honderde oorerflike siektes soos kanker, asook gebreke by geboorte. Deur die jare het hierdie mutasies in elke nuwe generasie, vermeerder. Verskillende families het verskillende mutasies. Twee mense wat uit verskillende families kom, dra gewoonlik verskillende mutasies (mutante gene) en wanneer hulle met mekaar trou en kinders kry, dan sal die 'goeie' gene (m.a.w. die gene wat níé 'n mutasie het nie), 'baasspeel' in hulle kinders. Om hierdie rede behoort hulle kinders nie gebreke of siektes wat deur mutasies veroorsaak word, te hê nie. Wanneer 'n boetie en sussie egter met mekaar sou trou en kinders kry, is daar 'n báie groter kans vir gebreke en mutasie-siektes in hulle kinders omdat 'n boetie en sussie uit dieselfde familie kom en dus 'n groter kans staan om dieselfde skadelike mutasies in hulle gene te dra.

- **Is dit nie verkeerd vir 'n boetie om met sy sussie te trou nie?**

In die begin was mutasies nie 'n probleem nie. Hulle het nie eens bestaan nie, want God het Adam en Eva volmaak geskape. Die Sondeval het egter alles negatief geaffekteer - selfs daardie klein partikeltjies wat ons gene noem. Aanvanklik was die voorkoms van genetiese mutasies nog baie laag en dit is hoekom daar geen genetiese probleme was toe Adam en Eva se kinders met mekaar getrou en kinders gekry het nie. Dit het baie honderde jare geneem vir mutasies om tot só 'n vlak op te hoop dat dit gevaarlik begin word het vir 'n boetie om met sy sussie te trou. Daarom, in die tyd van Moses (ongeveer 2,500 jaar later), het God spesifieke instruksies hieroor gegee. Lees dit in Lev 18:9 en Deut 27:22. Dit is hoekom dit in die begin aanvaarbaar was vir boeties om met hulle sussies te trou, maar nie meer vandag nie.

- **Wat van nefies en niggies - mag hulle met mekaar trou en kinders kry?**

As eerste nefies & niggies sou trou en kinders kry, is die kans een uit agt om 'n siektevormende mutasie, wat tot 'n gebrek kan lei, aan hulle kinders kan oordra! Dis 'n *baie* hoë kans!

## 2c Die Ark (Bl 69-81)

- **Watter diere het God gesê moes Noag in die Ark inneem?**

Een paar van elke soort landdier asook een paar van elke soort vlieënde dier. Verder het Noag sewe pare van alle soorte rein diere ook aanboord geneem.

- **Wat is 'n 'rein' dier?**

Dit is diere wat mense mag eet, terwyl 'onrein' diere nie deur mense geëet behoort te word nie. Lees daaroor in Lev 11. Slegs rein diere is gebruik in offers aan God en dit is hoekom GOD vir Noag gesê dat daar 7 pare ekstra 'rein' diere saamgeneem moes word.

- **Hoe groot was die ark?**

Die Ark was 140 meter lank (langer as 'n sokkerveld), 23 meter wyd (so breed soos vier verkeersbane) en ook 14 meter hoog (hoër as 'n vier-verdieping gebou) met drie verdiepings.

- **Was die ark stabiel genoeg om 'n rowwe see te trotseer?**

O ja! Koreaanse skeepsboukundiges het bevind dat die Ark, volgens die Bybelse beskrywing, een van die mees stabiele seevarende voertuie was om groot golwe in 'n baie rowwe oseaan te trotseer. Volgens hulle kon die Ark drie-keer orkaansterkte winde en minstens 30-meter-hoë golwe trotseer (waarskynlik nog hoër golwe) en selfs 60 grade oorhel, sonder om om te slaan.

- **Dink jy dat Noag alleen the Ark gebou het?**

Nee, sy seuns het ook gehelp en Noag het heel moontlik arbeiders gehuur om hulle te help.

- **Hoeveel tyd het verloop sedert die dag dat God gewaarsku het dat Hy die aarde deur 'n Vloed gaan vernietig en hoekom so lank?**

120 Jare. Dit was genade-tyd waartydens mense die kans gehad om hulle tot God te bekeer. Noag het in die tyd die Ark gebou en die mense aanhoudend gewaarsku: 'Hier kom 'n Vloed..'

- **Wat moes die mense doen om gered te word?**

Hulle moes bloot vir God glo en vertrou en in die Ark ingaan wanneer die tyd sou kom.

- **Het hulle geluister? Wat was hulle reaksie?**

Nee, hulle het eerder gekies om vir Noag aanhoudend te spot en uit te lag.

- **Wat het Jesus later hieroor gesê en hoe is dit besig om vandag herhaal te word?**

Lees eers Matt 24:38-39. Jesus het ons oor en oor die versekering gegee dat Hy weer gaan kom, hierdie keer as Die Regter. Tog is daar vandag sommige mense wat dit steeds nie glo nie en daarom gaan hulle ook onverhoeds betrap word, net soos die mense in Noag se dae.

- **Moes Noag al die diere self versamel?**

Nee, Noag kon arbeiders gehuur het of sy eie bediendes gebruik het om die diere te versamel, net soos die keisers eeue later. Die Bybel sê ook dat God die diere beveel het om na Noag in die Ark te gaan, so Noag het nie nodig gehad om hulle aan te jaag nie.

- **Waar was Noag volgens Gen 6:20 & 7:15 en wat leer ons nog hieruit?**

Hy was bínne-in die Ark. Ons leer dat God ten volle in beheer was met die uitkies en versameling van die diere vir die Ark. Noag het moontlik selfs voor die Vloed eers 'n diere-versameling opgebou waarna God die diere beveel het om in die Ark in te gaan.

- **Watter voordele was daar om 'n diere-versameling voor die Vloed op te bou?**

Diere in aannhouding is meer gewoond aan mense en daarom ook makliker om te hanteer. Noag kon die diere fyn dophou en enige swak of siek diere identifiseer en met gesonde en sterk diere vervang om op die ark te neem.

- **Lees Gen 7:22. Was daar insekte op die Ark?**

Moontlik, maar Noag het nie nodig gehad om hulle spesifiek te versamel nie, want insekte haal nie deur neusgate asem nie.

- **Wat beteken dit dat slegs die 'oorspronklike soorte' op die Ark was?**

Lees bl 72-75 in die boek *Skepping tot herskeppin*g of verwys na die aanbieding. Die Bybelse rekord (die lyste van diere in Levitikus) daarop dui dat die oorspronklik geskape soorte nie op die 'spesie-vlak' van vandag se klassifikasie-sisteem was nie, maar waarskynlik op die 'familievlak', soos die kat-familie, olifant-familie, hond/wolf-familie ens.

- **Wat noem ons 'n perd en 'n donkie  wat kruisteel se baba?**

'n Muil

- **Wat noem ons 'n zebra en 'n donkie wat kruisteel se baba?**

'n Zonkie

- **'n Leeu en 'n tier? Walvis en 'n dolfyn?**

'n Liger en 'n walfyn

- **Wat leer ons hieruit?**

Ligers bewys dat 'n leeu en tier verskillende spesies is, maar van dieselfde soort. Walvyne bewys dat walvisse en dolfyne verskillende spesies is, maar van dieselfde soort. Al hierdie voorbeelde van kruisteling lewer bewys dat die diere van 'n spesifieke oorspronklik geskape soort afstam.

- **Was daar poodles en doberman pinchers aanboord?**

Nee, want hulle het nog nie bestaan nie. Slegs die oorspronklike hond/wolfsoort was aanboord waaruit die vosse, wolwe en jakkalse asook al die honde-rasse later ontstaan het.

- **Was daar dinosourusse op die ark en hoekom sê jy so?**

Ja, want dinosourusse was 'n landdier-soort wat lug deur neusgate ingeasem het en wat saam met al die ander landdiere deur God geskape is op Dag 6. God se opdrag was dat een paar van elke landiersoort in die Ark moes wees. Dit sluit dus dinosourusse in.

- **Hoe op aarde het dinosourusse in the ark gepas?**

Die meeste dinosourusse was glad nie eens so groot nie; sommige was selfs kleiner as hoenders! Die gemiddelde grootte van 'n volwasse dinosourus was ongeveer dié van 'n skaap! (sommiges sê 'n bison). Die grootste eier wat deur 'n dinosourus uitgebroei is, was ongeveer

die grootte van 'n voetbal, wat beteken dat selfs die gróótste dinosourusse, soos die *Apatosourus* en *Brachiosourus*, eens op 'n tyd kléín was, net soos ek en jy!

- **Watter voordeel was daar om jong diere op die ark te neem?**

Die jonger diere is kleiner en sou dus makliker in die Ark kon inpas. Dit sou ook makliker gewees het om hulle te voer en hulle sou na die Vloed vinniger kon babatjies voortbring.

- **Hoeveel diere was daar waarskynlik op die ark?**

Slegs ongeveer 2,000 (1,000 pare) as ons op familie-vlak werk. As ons op genus-vlak werk, was daar waarskynlik ongeveer 16,000 diere (8,000 pare) op die ark.

- **Hoeveel spasie sou 16,000 diere op die ark opneem?**

Slegs ongeveer 3%

- **Wat van kos - hoeveel plek sou dit opneem?**

Lees bl 79-81 *Skepping tot herskepping*. Dit sou ongeveer 15% van die ark se spasie opneem

- **Wat van water?**

Indien hulle water ook saamgeneem het, sou dit waarskynlik slegs 10% ruimte in beslag geneem het. Daar is egter 'n baie groot moontlikheid dat Noag-hulle van die enorme hoeveelhede reënwater kon gebruik het, eerder as om water aanboord te stoor. Dan was daar selfs meer oop spasie.

- **Wat beteken dit alles?**

Dit beteken dat meer as 72% (en waarskynlik meer) van die Ark net oop spasie was! So daar was méér as genoeg plek vir Noag, sy familie, al die diere asook die kos en water was.

- **Waarvoor was al die oop spasie?**

Vir al die ongelowiges wat geweier om na God se waarskuwing te luister

- **Was die mense in Bybelse tye 'minder slim' as ons?**

Moet nooit die fout maak om te glo dat die mense van daardie dae enigsins minder intelligent as ons was nie. Dit is net nog 'n evolusionistiese idee. In Gen 4 lees ons dat Adam se nageslag saaiboere en veeboere was. Hulle het musiekinstrumente gemaak, metale gesmee en stede gebou. Kort na die Vloed het die Egiptenare al geskryf, graniet gesny en met perfekte bouwerk in fyn besonderhede groot piramides opgerig – alles sonder rekenaars! Adam en Eva was volmaak geskape, maar sedert die sondeval het die mens se verstandelike vermoë oor 'n tydperk van 6 000 jaar agteruit gegaan. Ons is heel waarskynlik baie minder intelligent as wat hulle was.

- **Hoe lank was hulle op die ark?**

Een jaar en elf dae

## 2d Die Vloed - Moontlike toestande voor en tydens die Vloed
(Bl 83-91)

- **Hoe kan ons meer leer oor die Vloed?**

Nie een van ons was daar nie, daarom moet ons afleidings maak oor die omstandighede rondom die Vloed deur na fossiele en landskappe te kyk en dit met die Bybelse openbaring te vergelyk. Die Vloed verteenwoordig die mees gedetaileerde beskrywing van enige enkele gebeurtenis in die Bybel. Daar is ook vandag oral in die natuur duidelike bewyse van die gevolge (of die effek) van daardie Vloed.

- **Hoe lank gelede het die Vloed ongeveer plaasgevind?**

Ongeveer 2,500vC, so dis ongeveer 4,500 jaar gelede

- **Wat leer ons oor die klimaat voor die Vloed?**

Dit wil voorkom asof die klimaat voor die Vloed lekker warm was, vanaf die Noordpool tot by die Suidpool, hoofsaaklik omdat woestyne, gletsers, yskappe en hoër seevlakke waarskynlik nie voor die Vloed al bestaan het nie. Dit beteken dat daar meer grondoppervlakte en dus meer plek beskikbaar was vir baie meer plante om te kon groei. Hoe meer plante daar gegroei het, hoe hoër was die persentasie $CO_2$ wat in die atmosfeer geproduseer is. Dit sou warmer temperature veroorsaak het, omdat die kweekhuis-effek van $CO_2$ verhoed dat hitte die aarde verlaat. Verskeie plantfossiele is regoor die wêreld ontdek, selfs onder Antarktika se yslae waar steenkoolsome ontdek is. Steenkool is plantmateriaal wat gefossileer het en hierdie steenkoolsome bevat plantegroei wat nie vandag meer in die koue Poolstreke voorkom nie, maar wél in warmer streke. Hierdie plantfossiele wys dus vir ons dat die aarde voor die Vloed lekker warm was, selfs in dit wat ons vandag die Poolstreke noem.

- **Maar is $CO_2$ nie vandag skadelik vir ons planeet nie?**

Nee! Hoër vlakke $CO_2$ sal in werklikheid die groei en produktiwiteit van plante verbeter! Dis eintlik die ander emisies soos swaeldioksied en roet wat skadelik is en dit behoort verminder te word, maar $CO_2$ is 'n God-ontwerpte, kleurlose, reuklose gas wat krities is in die lewenssiklus.

- **Was die see so diepvoor die Vloed soos vandag?**

Slegs breë riviere en 'n vlak seë het waarskynlik voorgekom. Voor die Vloed was die meeste van die water waarskynlik diep in die mantel van die aarde gewees waar daar vandag nog steeds heelwat water is.

- **Het die Vloed regtig die hele aarde bedek? Was dit nie net 'n lokale vloed in 'n kleinerige, lokale deel, waar Noag eers gebly het (Mesopotamië) nie?**

As dit net lokaal was, dan kon God net vir Noag gesê om weg te trek, dalk tot op 'n hoë berg. Hy sou ook nie nodig gehad het om vlieënde diere te neem nie, want hulle kon sommer net weggevlieg het. Belangrik: God het beloof dat daar nóóit weer 'n wêreldwye Vloed sou wees nie. As 'n teken hiervan het Hy vir ons die reënboog gegee. Deur die jare was daar al báie plaaslike/lokale vloede op verskillende plekke in die wêreld gewees, maar daar was nog nóóit, óóit weer 'n wêreldwye een soos in Noag se dae nie. M.a.w., as Noag se Vloed slegs 'n lokale

vloed was, dan sou dit beteken dat God Sy belofte al óór en óór verbreek het, omdat daar sedert Noag al só baie ander plaaslike vloede op aarde was. GOD breek NÓÓIT Sy beloftes nie!

- **Kyk gou na die prentjie op bladsy 86 in die boek. Watter interessante berekening het geoloë uitgewerk aangaande water in die rotse van die mantel?**

Hulle het uitgewerk dat die rotse in die mantel van die aarde steeds genoeg water in hulle minerale struktuur bevat om die oseane sowat 10-keer oor vol te maak!

- **Lees Gen 7:11. Wat leer ons hieruit aangaande die '*oopbreek van die fonteine*'?**

Ons leer hieruit waar meeste van die vloedwater waarskynlik vandaan gekom het. Die '*oopbreek van die fonteine*' dui op 'n vrylating van vuurwarm magma gemeng met stoom wat die aardkors deurboor & oopgeskeur het om reuse riwwe, wat duisende myle ver strek om die aarde te vorm. Die vuurwarm magma wat opgedruk het, het massiewe hoeveelhede water in superwarm stoom laat verdamp wat tot in die atmosfeer gespuit en toe weer vir 40 dae lank as intense globale reënval teruggeval het, tesame met die stormreën soos in Génesis 7:11 beskryf.

- **Kan ons hierdie riwwe vandag nog sien?**

Ja ons kan. Hulle is in die 1950's ontdek en volg 'n enorme sirkelroete reg om die aarde om die heel langste bergreeks met 'n lengte van 74,030 km te vorm. Kyk na die prentjie op bl 85.

- **Hoe is die landdele oorspoel?**

Die vuurwarm magma wat uit die riwwe opgedruk het, het 'n nuwe oseaanvloer begin vorm wat só warm was, dat dit opgewel en die seewater opgedruk het. Die seevlak het dus dramaties gestyg en die landdele is oorspoel.

- **Het die aarde se kontinente dieselfde gelyk voor die Vloed as vandag?**

Nee, vanaf die derde skeppingsdag tot voor die wêreldvloed het die aarde heeltemal anders gelyk as vandag, waarskynlik met een superkontinent. Alhoewel ons 'n idee het, weet niemand *presies* hoe die kontinente voorheen inmekaargepas het of hoe groot die superkontinent werklik was nie. Lees Gen 1:9-10.

- **Wat is kontinentale drywing?**

Die aarde se oppervlakte bestaan uit 'n mosaïek van rigiede plate, elkeen beweeg soos die ander een beweeg. Die weg'dryf' van die kontinente uitmekaar is kontinentale drywing.

- **Het die kontinente werklik miljoene jare geneem om uitmekaar te beweeg?**

Nee. Volgens een van die teorieë oor kontinentale drywing genaamd Katastrofiese plaattektonika deur Dr Baumgardner, kon die spoed waarteen die kontinente uitmekaar beweeg het meters per sekonde gewees het, in plaas van die mm tot cm per jaar vandag! Dit is super-vinnig en het waarskynlik gebeur toe sekere plate onder ander plate ingegly/-geduik het. Ons noem dit 'subduksie'. So die '*oopbreek van die fonteine*' het veroorsaak dat die 'super-kontinent' opgebreek het met die plate wat uitmekaar beweeg, onder mekaar ingegly/geduik en soms in mekaar ingebots het om vandag se bergreekse te vorm. So het die kontinente binne slegs 'n paar maande tot in hulle huidige posisies beweeg.

- **Hoe lank het die fonteine aangehou spuit?**

150 dae of 5 maande!

- **Wat kon waarskynlik nog deur die '*oopbreek van die fonteine*' aangedui word?**

Dit het waarskynlik die uitbarsting van 'n hele reeks vulkane ingesluit, veral daar waar die warm nuwe seevloer onder die kontinente begin induik het (subduksie sones). Groot hoeveelhede water is in die proses vanuit die aarde vrygelaat en hewige aarbewings en tsoenamies het plaasgevind. Tot 70% van dit wat uit 'n vulkaan kom, is eintlik water in die vorm van stoom. Hewige aarbewings en tsoenamies het as gevolg hiervan plaasgevind.

- **Hoe lank het dit aangehou om te reën?**

Vir 40 dae en nagte

- **Dink jy nog steeds dat al die water vir die Vloed van bo gekom het?**

Meeste van die water het waarskynlik vanuit die aarde en see gekom met die *'oopbreek van die fonteine*' wat vir 5 maande aanhoudend gespuit het.

- **Wat is 'n fossiel?**

Dit is die oorblyfsel van 'n eens lewendige, antieke organisme wat in rotsmateriaal omsluit en gepreserveer is. Dit sluit plante, diere en hulle oorblyfsels in (skulpe, tande, bene, of volledige skelette), asook hulle spore. Sekere fossiele bevat nie meer die dier se oorspronklike materiaal nie, maar bestaan uit minerale wat die organisme binnegedring en so die organisme se vorm aangeneem het. Hierdie minerale het uiteindelik verhard tot klip (dit het versteen), en so is die minerale nou in die presiese vorm van die organisme, of 'n deel daarvan, maar die organisme self is nie meer daar nie.

- **Hoe oud is fossiele volgens Bybelse gebeure?**

Ongeveer ±4 500 oud omdat hulle tydens die Vloed begrawe en gevorm is.

- **Hoe oud dink meeste mense is fossiele en hoekom maak dit nie sin nie?**

Die meeste mense dink fossiele het weens 'n stadige, geleidelike proses oor miljoene jare gevorm toe rotslae of die as van vulkane die organisme stadig bedek en begrawe het. Vraag: Hoe kon dit stadig gebeur het sonder dat die organisme ontbind het, of geaas is?

- **Is daar bewyse wat die idee van 'miljoene jare ou fossiele' teenstaan?**

Navorsers het bevind dat hoenderbene en hout binne slegs 5-10 jaar met minerale vervang kan word, terwyl 'n groot dinosourusbeen honderde jare mag neem voordat dit heeltemal mineraliseer. Baie dinosourus-oorblyfsels het nog steeds nie versteen nie; soms is meer as die helfte van die fossiel gewoonlik nog oorspronklike been, nie klip nie! Sekere vis-fossiele ruik steeds na vis wanneer hulle ontdek word. Daar is ook verskeie voorbeelde van moderne items soos bekers, sleutels, skêre, 'n speelgoedkarretjie, ens wat vinnig met rotsmateriaal omsluit is. Loer op www.creation.com en soek vir 'rapid fossils'.

- **So fossiele kan vinnig vorm?**

Ja! Dit hang alles af van die toestande waaronder die gebeendere/items begrawe is.

- **Wat is die toestande wat benodig word vir fossiele om te kan vorm?**

'n Skielike dood, 'n skielike begrawing in sedimentlae en baie hewige, swaar druk. Die druk is nodig sodat daar geen suurstof teenwoordig kan wees nie, want as daar suurstof was, sou die

organisme verrot het voordat dit in 'n fossiel kon verander. Hoe hoër die druk, hoe vinniger sou die sedimente waarin die organisme begrawe is, verhard het.

- **Wat is sedimente, sedimentêre strata en die geologiese kolom?**

Sedimente is modder wat uit grond, sand, klippies en kleideeltjies bestaan en wat in verskillende plat lae (of strata) op mekaar lê, soortgelyk aan 'n hoop pannekoeke. Ons noem hierdie lae sedimentêre strata en dit word vertoon as 'n geologiese kolom. Meeste mense glo dat elke laag (strata) stadig oor miljoene jare gevorm het. Skeppingsleerders glo hulle is vinnig gevorm en neergelê gedurende die Vloed. Kyk op bl 90.

- **Die sedimentêre strata bedek bykans driekwart (75%) van die aarde se oppv - hoekom?**

Sedimentlae word hfs neergelê deur water, so dis alles as gevolg van die wêreldwye Vloed.

- **Waar kry ons fossiele en hoekom?**

Ons kry fossiele slegs in die sedimentêre lae want hulle is hier begrawe weens die Vloed

- **Wat is die fossielrekord?**

Dit is die plek (in die geologiese kolom) waar die organismes voorgekom en die volgorde waarin hulle deur die stygende sediment-belaaide Vloedwater begrawe is. Kyk op bl 90.

- **Wat leer ons dus uit die fossielrekord?**

Dat daar eens op 'n tyd 'n reuse katastrofe plaasgevind het waartydens biljoene der biljoene plante en diere redelik vinnig in die sedimentêre lae begrawe is en later in fossiele verander het.

- **Het ons voorbeelde van fossiele wat vinnig moes gevorm het?**

Ja, Ichthyosaur 'ma' wat geboorte gee; vis wat vis insluk, fossiel jellievisse; fossiel oesters met toe skulpe. Kyk op bl 91 van *Skepping tot herskepping*.

- **Hoekom is die plek waar die fossiel-oesters ontdek is interessant?**

Want hulle is op 'n hoogte van 4,000m bo seespieël in Peru ontdek! Maar hoe het hulle daar bo op die berg kom? Hierdie massas fossiel-oesters se skulpe is almal toe, wat beteken dat hulle nog lewendig moes gewees het toe hulle skielik onder enorme massas sediment begrawe is en toe is hierdie areas nader aan die einde van die Vloed opgedruk om die bergreekse soos die Andes te vorm wat ons vandag kan sien - 'n verdere bewys dat die HELE aarde met die vloedwater oorspoel was.

## 2e Die Vloed - Na die Vloed (Berge, valleie, Ystydperk, Mammoete, Gletsers) Bl 92-102

- **Lees Psalm 104: 6-9**

Lees saam met die kinders

- **Wat is 'topografie'?**

Dit is 'n beskrywing van die land se oppervlak en sluit die berge, heuwels en valleie in.

- **Wat leer ons uit Psalm 104:6-9 aangaande die aarde se topografie?**

Ons leer dat God die aarde se topografie drasties verander het.

- **Wat het waarskynlik gebeur volgens hierdie beskrywing in Psalm 104?**

Die opbreek van die superkontinent, aardbewings, vulkaniese uitbarstings asook die relatief vinnige verskuiwings van die aarde se tektoniese plate het veroorsaak dat kontinentale massas en berge soos die Himalayas, Alpe en Andes opgedruk het, terwyl ander dele weer ingesink het onder die gewig van die massas water wat van die kontinente afgestroom het tot in die nuutgevormde oseaankomme, net soos dit in Psalm 104 beskryf word.

- **Wat is plooiberge en hoe is hulle gevorm?**

Plooiberge bestaan uit sedimentêre gesteentes, wat beteken dat die sediment-lae deur water neergelê is. Hulle het gevorm toe hierdie modderige sedimentlae opgedruk en gevolglik verwring, gedraai en gevou is weens hierdie enorme loslating van kragte. Die plooiberge moes gevorm het toe die sedimentlae nog redelik sag was, anders sou hulle heeltemal verbrokkel het sonder om sulke mooi egalige plooiings te vorm.

- **Kon plooberge gevorm het weens die uitbarstings van vulkane?**

Nee, plooiberge bestaan uit sedimentêre gesteentes (m.a.w. dis deur water neergelê), nie uit vulkaniese gesteentes wat ons stollingsgesteentes noem nie. Stollingsgesteentes vorm nadat sagte, vuurwarm lawa afgekoel en verhard het.

- **Weet jy van plekke in Suid-Afrika waar mens hierdie plooiberge kan sien?**

Swartbergpas

- **Bestaan alle berge uit sedimentêre gesteentes?**

Nee, die ander tipe berge is vulkaniese berge, m.a.w., hulle het ontstaan weens die uitbarsting van vulkane.

- **Wanneer het die berge soos ons hulle vandag ken, ontstaan?**

Beide vulkaniese en nie-vulkaniese berge het min of meer op dieselfde stadium ontstaan teen die einde van die Vloed

- **Was die berge voor die Vloed so hoog soos vandag?**

Dit kon nie gewees het nie want die berg Everest is vandag amper 9 km hoog terwyl die Mariana-trog naby Guam amper 11 km diep is. As jy vandag ál die berge kon plat druk en gelyk maak en ál die diep oseaankomme kon opdruk en gelyk maak, sodat die aarde net een gladde ronde bal was, dan sou die kontinentale massas 2,7 km diep onder water gewees het! Daar is méér as genoeg oppervlakwater om die hele aarde te bedek - die topografie moet net meer gelyk wees. Gen 7:20  sê: '*Die water het tot byna sewe meter bokant die hoogste berg gestyg.*' Indien vandag se hoogste berge (9 km bo seevlak) tydens die Vloed met water bedek was wat nog sewe meter hoër gestyg het, dan sou die hele wêreld vir ewig met water bedek gewees het, omdat die kontinente te diep onder die water sou gewees het. Die berge moes dus laer gewees het as wat hulle vandag is en daar moes dus insinkings en opstotings plaasgevind het om plek te maak vir al daardie water – en vir ons!

- **Hoekom is die oseaankomme vandag so diep?**

Omdat hulle nou as opgaarplekke (reservoirs) vir die massiewe hoeveelheid Vloedwater moes dien. Dit beteken dat ons die water van die Bybelse Vloed nog steeds vandag kan sien, want dis alles in die oseaan!

- **Hoeveel van die aarde se oppervlak is vandag met water bedek?**

70%

- **Hoe is die valleie gevorm?**

Die globale watermassa het die voor-Vloedse heuwels en berge deur erosie gelyk- en platgedruk. Nadat die water die hoogste berge bedek het, het God gespreek en die water het '*weggevlug*'. Dit beteken dat reuse massas vinnigbewegende water van die kontinente afgestroom het, en daarmee saam, het 'n ontsaglike hoeveelhede grond in die see ingespoel, sodat daar gate, slote, dongas, rafyne en selfs valleie agterbly het. So het erosie bygedra tot die basiese vorming van ons landskappe soos ons dit vandag ken. Valleie het dus báie vinnig gevorm, nie stadig nie.

- **Is daar vbe vandag van valleie wat vinnig gevorm het?**

*Little Grand Canyon* = 1 dag. *Burlingame Canyon* (VSA) = minder as 6 dae. *Steppe Canyon,* ens.

- **Wat is 'n die 'resep' vir 'n vallei om vinnig te vorm?**

BÁÍE water en 'n klein bietjie tyd.

- **Op watter manier beinvloed vulkaniese uitbarstings klimaatstoestande?**

Vulkaniese uitbarstings veroorsaak dat besoedelingstowwe soos stof en as tot in die stratosfeer (tussen 16 tot 48 km hoog) opgeskiet word waar dit vir jare lank bly. Wanneer daar sulke groot hoeveelhede stof en as in die stratosfeer teenwoordig is, dan kan dit die son se uitstraling met soveel as 20% verminder wat tot 'n definitiewe verlaging in temperatuur lei.

- **Hoe het vulkaniese uitbarstings die klimaat tydens die Vloed beinvloed?**

Daar is letterlik duisende uitgewoede vulkane reg rondom die wêreld en dit sluit vulkane onder die see in. Hulle ligging in die geologiese kolom dui vir ons aan dat hulle naby aan die einde van die Vloed steeds aktief was en ook vir 'n tydperk daarna terwyl die vloedwater teruggesak het. Derduisende vulkane het waarskylik op dieselfde tydstip uitgebars tydens die Vloed.

Massiewe hoeveelhede stof- en as-partikels sou tot in die stratosfeer opgeskiet het wat die klimaatstoestande drasties sou beïnvloed het. Die kombinasie van vulkaniese stof, as en rook sou die lug dramaties verdonker en gekeer het dat die sonstrale die aarde kon opwarm en daarom het die landmassa baie vinnig afgekoel.

- **Hoekom was die water in die oseane warmer na die Vloed as voor die tyd?**

Toe die '*fonteine*' aan die begin van die Vloed oopgebreek en die oseaniese riwwe dus oopgeskeur het, het vuurwarm lawa daaruit opgedruk om 'n splinternuwe, vuurwarm seevloer te vorm. Hierdie vuurwarm seevloer het veroorsaak dat die oseane aansienlik warmer na die Vloed, as voor die Vloed was.

- **Wat gebeur wanneer die see se water so warm is?**

Warm oseane veroorsaak dat daar meer verdamping van die seewater plaasvind en dit vorm nou weer 'n massiewe hoeveelheid warm vog en wolke in die lug. Wanneer warm vogtige lug oor die koue landmassas beweeg, dan koel die lug weer baie vinnig af.

- **Hoekom was die landmassas kouer na die Vloed?**

Vulkaniese stof & as in die lug sou die sonstrale uitblokkeer & dus verhoed het dat dit die aarde kon opwarm. Die warm oseane sou 'n toename in vogtige lug veroorsaak wat tot 'n hoë persentasie wolke sou lei wat weer sou keer dat sonstrale die landoppervlak kon opwarm. Die landoppv was kaal gestroop van plantegroei deur die Vloed en gevolglik sou meeste van die sonlig terugweerkaats word. Omdat die landoppv koud was, sou enige sneeu wat daar geval het, nie vinnig gesmelt het nie, maar eerder daar bly lê en kliphard geword het om plate ys opmekaar te vorm.

- **Watter 'resep' word benodig vir 'n Ystydperk?**

Baie vog, en daarom, 'n groot hoeveelheid warm water word benodig. Terselfdertyd word 'n koue landmassa benodig.

- **Wanneer het die Ystydperk plaasgevind?**

Die Ystydperk moes ná die Vloed begin en aangehou het totdat die oseane aansienlik afgekoel en die klimaat weer begin stabiliseer het.

- **Hoe lank het die Ystydperk geduur?**

Die meeste skeppingsleerwetenskaplikes glo dat die Ystydperk vir ongeveer 700 jaar lank aangehou het. Dit het ongeveer 500 van die 700 jaar geneem vir die ysplate om op te bou en 200 van die 700 jaar om weer terug te smelt.

- **Hoeveel Ystydperke was daar en hoeveel van die aarde is daardeur bedek?**

Daardie unieke toestande vir die ontwikkeling van 'n Ystydperk het slegs één maal in die geskiedenis van die wêreld geheers en daarom was daar slegs een Ystydperk. Die ys het nog nooit meer as een derde (1/3) van die aarde se oppervlakte bedek nie.

- **Wat glo meeste wetenskaplikes aangaande die Ystydperk**

Hulle glo dat daar verskeie ystydperke oor 'n fiktiewe periode van twee miljoen jaar plaasgevind het waarvan vyf belangrik was. Met in agneming van die baie spesiale toestande wat benodig word vir slegs een Ystydperk, is hulle voorstel heeltemal onrealisties.

- **Meeste mense dink dat mammoete prehistoriese diere was. Maak dit vir jou sin?**

Toe die Pole gevries het, is diere in die verre noorde deur hierdie koue oorval. Een van daardie diere was natuurlik die reuse mammoet. Daar was egter ook ander diere wat skielik gevries het, soos bere, wolwe, jakkalse, sabeltandtiere, rooikatte, perde, kamele, bokke, bisons, skape, rotte en so aan. Dit is nie prehistoriese diere nie, so hoekom sou die mammoet prehistories wees?

- **Hoekom kon mammoete nie miljoene jare gelede geleef en gevries het nie?**

Mammoete is ontdek waarvan die vleis steeds eetbaar was. Honde het daarvan gevreet en sekere mense ook. Aangesien oorblyfsels van mammoete in ys bo-op die sedimente van die Vloed ontdek is, moes hulle een of ander tyd ná die Vloed gevries het. Radiokoolstofdatering het die uitsterwing van die mammoete op minder as 4,000 jaar gelede aangedui, wat natuurlik die regte ouderdom volgens die Vloed gebeure is (±2,348vC).

- **Het mense hulle regtig ooit gesien?**

Rotstekeninge van mammoete is deur mense gemaak wat na die Vloed saam met hulle geleef het. Hoe teken jy iets in soveel besonderhede as jy dit nie self gesien het nie? Die inheemse Evenk-stam van Noordoos-Siberië, het goed-gepreserveerde mammoetvelle in hulle besit gehad en in fyn besonderhede beskryf hoe hierdie diere gelyk, opgetree en geëet het, asook hulle sélf die diere gejag het. Tydens 'n Russiese ontdekkingsreis in 1922, is daar selfs vanuit dieselfde stam rekords van lewendige mammoete ontdek. Maar die interessantste is dat Kolonel John Blashford-Snell twee ongewone olifante met kenmerke soortgelyk aan mammoet, in Westelike Nepal ontdek en foto's geneem! Kyk die aanbieding of in my eerste boek.

- **Wat het gebeur nadat die Ystydperk geëndig het?**

Baie jare na die Vloed het die oseane weer afgekoel. Dit het veroorsaak dat daar minder verdamping, minder wolke en minder sneeuval was. Die vulkane was ook nie meer so aktief nie en al die stof het uiteindelik genoeg gaan lê sodat die son se warm strale weer daardie dele kon opwarm. Die Ystydperk het geëindig en die warmer temperature het veroorsaak dat plate van ys vanaf die Noordpool suidwaarts begin afgly van die kontinente af. Wetenskaplikes verwys hierna as die Periode van Gletsers.

- **Hoe weet ons dat die gletsers voorheen groter was as vandag?**

Wanneer hierdie ysplate (of gletsers) stadig langs styl hellings afgly, dan maal en vergruis dit die rotsmateriaal waaroor dit beweeg en kerf U-vormige valleie uit terwyl dit die los rotsmateriaal oor lang afstande saamsleep. Later, nadat die gletser gesmelt het, kan mens die groewe duidelik in die harde klip sien. Dit is hoekom ons weet dat daar voorheen báie groter ysplate was as wat daar vandag is.

- **Hoe het mense en diere na ander kontinente versprei?**

Gedurende die Ystydperk was die seevlak baie laer gewees as vandag omdat so baie water in die ysbedekking opgesluit was. Gevolglik was daar vir 'n tyd lank landbrûe waaroor mense en diere na ander kontinente kon versprei. Kleiner diere kon ook op puimsteen of vlotte, wat uit drywende plantegroei bestaan, oor die see na ander plekke versprei het.

## 2f Na die Vloed (Oorlewing van mense en diere, Ras, Tale)

Bl 102-109

- **Wat het die diere moontlik geëet in die tyd nadat hulle van die Ark afgeklim het?**

Groot hoeveelhede plantegroei, insluitend die oorblyfsels van bome wat na die Vloed in groot massas gestrand moes gelê het, sou die groei van verskeie soorte fungi (sampioene) moontlik gemaak het; Siewier; Aas (verottende vleis van dooie diere); Karkasse; Visse wat in waterpoele vasgevang was; Insekte, erdwurms & knaagdiere sou vinnig vermeerder het. Verskeie plante sou alreeds begin groei het voordat hulle die Ark verlaat het.

- **Hoe het die plante weer na die Vloed gegroei?**

Deur vegetatiewe voortplanting (die vorming van nuwe plante vanuit wortels, stingels of blare, waar die normale voortplantingsorgane, soos sade/blomme, nie betrokke is nie). Verder, sade wat in 'n rustende toestand is kan vir lang tydperke as passasiers oorleef, selfs al is hulle in water geweek (hulle kon bv op saamgekoekte massas drywende vlotte van plantegroei oorleef het). Baie sade is in die vroeë deel van die Vloed begrawe en kon later weer deur erosie oopgespoel het. Noag kon moontlik 'n verskeidenheid van sade saamgeneem het op die Ark.

- **Hoe weet ons dat daar reeds plante was toe hulle uit die Ark geklim het?**

'n Duif het vir Noag 'n olyfblaartjie gebring nog voordat hulle uit die Ark geklim het, wat beteken dat olyfbome en moontlik 'n verskeidenheid ander plante alreeds begin groei het, nog voordat hulle uit die Ark geklim het

- **Hoe het die dinosourusse uitgesterf?**

Al die dinosourusse, behalwe dié in die Ark, is tydens die Vloed uitgewis en begrawe. Een paar van elke soort landdier, insluitend die dinosourusse asook die voëls en pterosourusse het in Noag se Ark oorleef en die aarde na die Vloed weer gevul. Sedertdien het baie verskillende diere uitgesterf, nie net die dinosourusse nie en dit is vir ons 'n voortdurende herinnering aan die ernstige gevolg van sonde op die hele Skepping. Na die Vloed het mense en diere mekaar begin vrees wat in harmonie met Gén 9:3 is waar die mensdom toestemming gegee is om vleis te eet. Dit is waarskynlik hoekom hulle tot op die punt van uitsterwing deur mense gejag is. Net soos in die geval van die Dodo van Mauritius, is dit dus baie moontlik dat dinosourusse weens menslike toedoen, uitgesterf het veral omdat mense hulle as 'n bedreiging beskou het.

- **Lees Gen 9:18-19. Waar kom al die mense van vandag vandaan volgens hierdie vers?**

Al die aardbewoners is afkomstig van die drie seuns van Noag - Sem, Gam en Jafet (en hul vrouens) en hulle afkoms kan duidelik teruggelei word na Adam en Eva omdat Adam Noag se groot, groot, groot, groot, groot, groot, groot (x7) oupa was.

- **Hoekom weet ons dat die aarde nie oorbevolk is nie?**

Want berekeninge het getoon dat 'n wereldpopulasie van ses miljard mense maklik in 'n klein land soos Engeland sou kon inpas; en dan sou elkeen nog ongeveer 20 vierkante meter spasie om hom/haar kon hê. Die huidige wêreldpopulasie (2022) van ongeveer 8 miljard mense is nie veel meer as dit nie.

- **Wat beteken eksponensiële groei**

Dit is wanneer 'n bevolking se getal elke keer opvolgend verdubbel. Wat die menslike populasie betref beteken dit dat daar na elke generasie nog meer mense as tydens die vorige generasie was.

- **Watter groeitempo het ons nodig om die hoeveelheid mense op aarde vandag te kan verklaar as dit slegs met agt mense begin het?**

Slegs 0.45% (i.p.v. meer as 1% huidiglik)

- **Indien ons die 0.45% populasie groeitempo sou neem, hoeveel keer sou die opvolgende populasies wat met slegs agt mense begin het, moes verdubbel om die huidige wêreldpopulasie te bereik?**

Slegs 30-keer

- **Is daar verskillende menslike rasse?**

Nee, daar is net een menslike ras, maar daar is wel verskillende mens-groepe (etniese) groepe

- **Lees Hand 17:26-27. Is ons almal verwant aan Adam en Eva?**

Ja, Eva beteken 'lewe' en dit maak sin omdat sy die moeder van die hele mensdom is. Uit hierdie vers leer ons baie duideik dat elke mens op aarde familie is van mekaar omdat daar geskryf staan: *"En Hy het uit* ***een bloed al die nasies*** *van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon"*

- **Hoekom verskil velkleur?**

Ons almal het dieselfde velkleurpigment met die naam, melanien en dit werk amper soos 'n soort sonblok. Hoe méér jy daarvan het, hoe donkerder is jou velkleur en hoe langer neem dit vir jou om te brand in die son. Hoe mínder jy daarvan het, hoe ligter is jou velkleur en hoe makliker brand jy in die son.

- **Waar kom al die verskillende tale vandaan?**

Dit het by die toring van Babel begin toe God die mense se tale verwar het omdat hulle ongehoorsaam was toe God vir hulle gesê het om oor die aarde te versprei en dit te vul.

- **Hoe het die mense oor die aarde versprei?**

Nadat God hulle taal verwar het (weens hulle ongehoorsaamheid), kon hulle mekaar nie meer verstaan nie. Die mense wat mekaar wel kon verstaan (omdat hulle nou dieselfde spesifieke taal gepraat het), het begin om saam te groepeer en het uiteindelik weggetrek na plekke waar hulle kon woon en saamwerk, sonder al hierdie verwarring. En so het God gesorg dat hulle tog oor die aarde versprei.

- **Hoekom het mense in Afrika meestal 'n donker velkleur, terwyl mense in Europa meestal 'n ligte velkleur het?**

Die groepe mense wat mekaar verstaan het, het in allerhande rigtings versprei: Asië, Noord- en Suid-Amerika, Europa Afrika en Australië. Sommige mense in hierdie groepe sou dieselfde velkleur gehad het, maar daar sou ook 'n verskeidenheid van kleure in elke groep gewees het.
**Groepe wat die warm, sonnige Afrika en Australië kontinente bereik het**: Mense met 'n baie ligte velkleur, sou redelik vinnig in die son gebrand het, omdat hulle minder melanien het wat

hulle teen die son beskerm. Hulle kon moontlik velkanker opgedoen en te siek geword het om kinders te kry. Hulle sou uiteindelik doodgegaan omdat hulle aan te veel sonlig blootgestel was. Met verloop van tyd sou daar dus meestal mense met donker velle in Afrika en Australië oorleef het omdat hulle beter by daardie klimaatsomstandighede aangepas was, aangesien hulle meer melanien in hulle vel gehad het.

**Groepe wat die koeler, meer bewolkte noordelike dele van Europa bereik het**. Ons almal het sonskyn nodig sodat Vitamiene D geproduseer kan word. Mense met ligte velle het net 'n bietjie sonskyn nodig, maar mense met donkerder velle het weer meer sonlig nodig omdat hulle donker vel keer dat hulle te veel sonlig absorbeer, net soos wat sonblok dit doen. Gevolglik sou mense met 'n donkerder vel baie siek geword het in hierdie bewolkte streke, omdat hulle liggame nie instaat was om genoeg Vitamiene D te produseer nie. So met die tyd saam het donkervel mense doodgegaan en het daar hoofsaaklik mense met 'n ligte velkleur in hierdie streke waar daar 'n hoë wolkbedekking is, oorgebly. Die ligter-velkleur mense was dus beter by daardie klimaatsomstandighede aangepas.

- **Die Inuit (Eskimo's) woon in dele waar daar nie veel sonskyn is nie, en tog het hulle 'n bruin vel. Hoekom lei hulle dan nie aan 'n Vitamien D tekort nie?**

Hulle het waarskynlik dieselfde genetiese samestelling vir 'n mediumkleurige vel en tog ly hulle nie aan 'n vitamien D-tekort nie, omdat hulle die grootste deel van hul vitamien D uit hul diëet van hoofsaaklik vis verkry.

- **Hoekom het die verwarring van tale by Babel later 'n struikelblok geword in die verspreiding van die Evangelie?**

Omdat mense nie verskillende tale kon verstaan nie, kon die Goeie Nuus van die Evangelie nie versprei word onder mense wat ander tale gepraat het nie.

- **Hoe het God dit opgelos?**

God het spesifieke mense in die Christelike Kerk geseën het met die gawe van spreek in tale - sonder dat hulle eens die taal aangeleer het (Sien Handelinge 2, 10 en 19). Om te spreek in tale beteken dat 'n mens die gawe het om in 'n spesifieke, verstaanbare taal te kan praat sodat die Evangelie duidelik deur alle mense, nasies en tale verstaan kan word. Die doel is dus om die Goeie Nuus van die Evangelie aan alle mense van alle tale te versprei.

# DEEL 3

# VERLOSSING

- **Onthou jy nog hoe God sy Skeppingswerke beskryf het?**

Gedurende die Skeppingsweek het God Sy Skeppingswerke ses keer as '*goed*' beskryf, maar toe HY op die einde van Dag 6 na Sy voltooide skeppingswerke gekyk het, het HY dit as *'baie goed'* beskryf.

- **En wat beteken dit nou weer?**

Dit beteken dat God alles perfek, volmaak en pragtig geskape het.

- **Kan jy onthou wat vryheid van keuse beteken?**

God het die mensdom met die vermoë geskape het om self te kan kies want, ware liefde moet altyd vir jou die vryheid gee om te kan kies. Dit beteken ons kan self kies of ons vir God wil liefhê, dien en gehoorsaam.

- **Watter belangrike punt moet ons altyd onthou as dit kom by hierdie 'vryheid van keuse'?**

Tesame met hierdie vermoë om self te kan kies, kom daar ook 'n baie groot verantwoordelikheid, want keuses het altyd gevolge.

- **Het Adam & Eva die regte keuse gemaak toe God vir hulle Sy eerste opdrag gegee het?**

Nee!

- **Wat was die gevolge van hulle verkeerde keuse?**

Toe Adam en Eva gekies het om aan God ongehoorsaam te wees, het hulle ook die tragiese nagevolge gekies wat hulle, asook al hulle nakomelinge (insluitend jy en ek) sou affekteer. Daardie nagevolge sluit bv in: Plae en siektes, hongersnood, oorlog, haat, lyding, pyn, hartseer, boosheid en uiteindelik, die dood.

- **Baie mense blameer God en vra hoe kan Hy 'n God van liefde wees as mens na al hierdie verskriklike dinge kyk wat vandag in die wêreld aangaan. Is dit God se skuld?**

Beslis nie - dit is die tragiese gevolge van ongehoorsaamheid aan God.

- **Hoe stem die reaksie van die mense op God se waarskuwing in Noag se tyd ooreen met mense se reaksie vandag?**

Mense in die tyd van Noag het hulle glad nie aan die 120-jaar lange waarskuwing gesteur dat God op die punt was om 'n groot vernietiging op die aarde te bring nie; en ten spyte van Noag se aanhoudende waarskuwings terwyl hy die Ark gebou het, het hulle die waarskuwings geignoreer en hom gespot en uitgelag. Daardie tydperk was eintlik 'n tydperk van genade omdat mense 'n 120-jaar lank gegun is om hulle te bekeer en op God te vertrou.

In hierdie laaste genade-tydperk van die aarde se geskiedenis, is daar weereens 'n baie ernstige waarskuwing aan die ganse mensdom; en dit is dat Jesus binnekort weer na die Aarde gaan terugkom, en hierdie keer kom HY nie nét as die Verlosser van Sy koningskinders nie, maar HY kom ook as Dié Regter van die heelal, om ál die ongelowiges en vals Christene te oordeel! [Lees 2 Pet 3:10-12] Net soos in die dae van Noag, is daar vandag mense wat dit glad nie glo nie. Dit gaan egter nié die feit dat dit wél gaan gebeur, verander nie.

- **Wat is sonde?**

Sonde is enigiets wat ons dink, of doen, of sê, waar ons ongehoorsaam aan God se opdragte is.

- **Waar kry ons nou weer daardie opdragte/Gebooie?**

In Eksodus 20. God het hierdie Gebooie met Sy Eie vinger in klip geskryf en as iets in klip geskryf is, dan beteken dit, dit is vir ewig. Die Tien Gebooie is soos 'n spieël waarin ons kan sien waar ons vuil geword het van sonde.

- **Is alle sonde ewe erg?**

Sonde is sonde en in God se oë is alle sonde ewe ernstig omdat alle sonde uiteindelik na die ewige dood lei. Lees Rom 6:23. God wil vir ons die ewige lewe gee, nie die ewige dood nie.

- **Hoekom moet God sondaars straf?**

Omdat God 100% liefde, maar ook 100% regverdig en heilig is, móét HY die sondaar straf, omdat HY nie anders kan as om 'n regverdige God te wees nie.

- **Wat is die straf vir sonde?**

Die ewige dood

- **Wie sal ons red?**

Jesus staan gereed en gewillig om ons sondes te vergewe en ons te red van die ewige dood.

- **Hoe het Jesus ons Verlosser geword?**

Die hemelse Familie (DIE Goddelike 3-Eenheid) het reeds voor die Skepping 'n oplossing vir die hartseer probleem van sonde en dood gehad. Aangesien God alwetend is en HY die mens met vrye wil geskape het, het HY ook geweet dat hulle kon kies om ongehoorsaam te wees; en indien dit sou gebeur, moes daar 'n plan moes wees om die mensdom uit sonde en die dodelike nagevolge daarvan te red. Die plan was dat EEN van die Persone in die Drie-eenheid die prys vir ons sonde sou betaal. Daardie persoon was Jesus!

- **Was dit nie wreed van God die Vader om toe te laat dat Sy Seun die prys moes betaal wat ons verdien nie?**

Lees Joh 10:17-18 & Fil 2:6-8. Hieruit leer ons duidelikk dat Jesus, die Seun Sélf en vrywilliglik Sy lewe afgelê het, omdat HY die Vader en vir ons, só oneindig liefhet. Niemand het die Seun geforseer om dit te doen nie en die Seun het ook geen besluit op Sy eie geneem nie, maar altyd Sy Vader se wil gedoen. Die Verlossingsplan is dus deur die Drie-eenheid saam bepaal.

- **Wat is dus die Goeie Nuus van die Evangelie?**

Dat Jesus reeds die straf vir ons sonde betaal het. HY het die perfekte offer geword deur aan die kruis te sterf. Nog meer belangrik, HY het opgestaan uit die dood om die Verlosser te wees van elke persoon wat kies om Sy gratis verlossingsgeskenk te aanvaar.

- **What beteken dit as ek hierdie gratis geskenk aanvaar? Kan ek steeds voortgaan om dieselfde verkeerde dinge te doen as voorheen?**

Natuurlik nie! Deur hierdie gratis geskenk te aanvaar, maak ons die keuse om ons lewe te leef volgens die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het. Ons kan dit nie uit ons eie doen nie, maar slegs deur die krag van Jesus, ons Verlosser.

- **Watter pragtige belofte het God vir ons gegee indien ons hierdie keuse sou maak?**

Jesus het beloof dat elke persoon wat hierdie keuse maak saam met Hom in die Hemelse Paradys sal wees - vir ewig! Ons Skepper sal ons fisies herskep (nuut maak) deur ons met onsterflikheid te beklee met Sy Tweede Koms. Nooit weer sal daar sonde en dood wees nie. Niemand sal ooit weer bang, hartseer, of alleen voel nie. Lees Rom 6:23

- **Is daar enige ander manier of enigiemand anders wat ons kan red?**

Nee! Lees Joh 10:9 en 14:6

- **Wat kan ons doen om gered te word?**

Hierdie is die belangrikste vraag wat jy ooit in jou hele lewe sal kan vra.

- Ons moet ons sonde bely. (Ons moet sélf aan GOD erken dat ons gesondig het.)
- Ons moet opreg berou hê en dus bekeer. 'Bekeer' beteken om weg te draai van sonde. Draai na God-toe en vertel vir Hom hoe spyt en jammer jy daaroor is en hou op daarmee.
- Ons moet vir Jesus vra om ons te reinig en skoon te was van ons sonde en om ons persoonlike Verlosser te wees.
- Ons moet opreg probeer om nie weer te sondig nie. Indien ons sou jammer sê terwyl ons alreeds in ons harte beplan om weer te sondig, dan is ons nie opreg jammer nie en kan God ons nie vergewe nie. Onthou, God kyk heel eerste na dit wat in ons harte (gedagtes) is. Ons kan absoluut niks vir Hom wegsteek nie, nie eens ons gedagtes nie. Daarom, wanneer ons ons sondes bely en ons berou uitspreek, dan moet ons dit opreg bedoel. So hard as wat ons almal probeer, struikel en sondig ons steeds elke nou en dan. Wanneer dit gebeur, bely dit dadelik aan GOD en vra vir Sy vergifnis nie. Moenie tot vanaand wag voordat jy gaan slaap nie. Moenie moedeloos word nie! Ons kan nie die sonde in ons eie krag oorwin nie. Ons het Jesus elke sekonde van elke dag nodig sodat ons deur Sy krag, die regte besluite kan maak.
- Leer God ken. Bestudeer Sy Woord, die Bybel. Bid en praat met God so dikwels as moontlik sommer oor alles in jou lewe. Ons kan dit hardop of sommer net in ons gedagtes ook doen. HY stel belang in elke klein detail van ons lewens en HY wil baie graag hê dat ons ons gedagtes, kommer, hoop en drome met Hom sal deel. Jy kan selfs vir Jesus briefies skryf - soos in 'n joernaal. Ons moet God se instruksies volg wat Hy vir ons in Sy Woord, die Bybel gegee het, sodat HY ons kan beskerm teen DIE vyand van die mensdom - satan. HY kan dit nie doen as ons kies om onsself onder Sy beskermende sambreel uit te verwyder nie.
- Onthou altyd dat al was jy die enigste mens op aarde, Jesus steeds Sy lewe vir jou sou aflê. Hy het ons liewer as wat ons ooit werklik sal kan verstaan.